# Die Gaping Tussen Die Sewe Kerkeeue En Die Sewe Seëls

Jeffersonville, Indiana, USA
17 Maart 1963 (Aand)

1 Goeienaand, vriende. Dis 'n—'n groot voorreg om terug te wees hier in die huis van die Here, vanaand, in die diens, en steeds te leef op die—die manna van vanoggend, wat ons siele so grootliks geseën het deur Sy groot Teenwoordigheid. En nou, vanaand, het ons 'n … begin oor die onderwerp van: Die Gaping Tussen Die Sewe Kerkeeue En Die Sewe Seëls.

En ek het net gepraat, vanmiddag, met 'n vriend. En miskien, as die Here wil, een of ander tyd hierdie somer, as Hy my nie Huis toe neem nie, of—of, ek kan terugkom, nie oorsee gaan of iets nie, wil ek graag weer let op die sewe laaste Basuine, sien. En dit brug almal saam. En—en dan is daar die sewe laaste Plae hierin. En dit meng alles reg saam, soos ons sal sien soos ons aangaan.

2 So, vanaand, terwyl ons soort van stil word … ek mag net 'n bietjie lank wees vanaand. Met selfs … Vandat ek hierheen teruggekom het, nou … Al die preke wat ek in Phoenix gepreek het, het ek nooit eens hees geword nie, sien. Dis reg. En, o, goeiste, hoe hard het ek gepreek! En vir, glo ek, dit was sewe-en-twintig dienste, sonder om hees te word. Maar dis die klimaat hier, julle sien. Net eenvoudig, dis net erg net hier, net 'n vallei. Dis net 'n slegte toestand hier, en, vir gesondheid, julle weet, wat ek bedoel, dis—dis—dis sleg. En enige prediker het 'n … wat praat, het 'n seerkeel, om mee te begin.

'n—'n Doktervriend van my het in my keel gekyk, eenkeer, om te sien wat verkeerd was. Gesê: "Niks." Gesê: "Jy het net eelte op jou stembande." Het gesê: "Dis van preek." Wel, ek—ek—ek hou soort van daarvan, julle weet. Dit het my beter laat voel, solank dit agv. die preek is, julle sien. Dit sou in orde wees, vir die Koninkryk van God.

Nou, ons mag dalk nie in staat wees om in ons liggaam die merk van die Je- … van Jesus Christus te dra nie, soos Paulus het, van om geslaan te word. Maar ons mag ons merk dra van preek en ons stem te gebruik teen die dinge wat verkeerd is. So, ons is dankbaar dat ons nie meer geslaan hoef te word nie, veral tot en met hierdie tyd. So ons—ons is …

3 Hoeveel hierbinne het gelees *Wat Is Die Tyd, Menere?* Of, het dit gehoor, julle weet, *Wat Is Die Tyd, Menere?* Dit het my nogal gepla. As jy nie het nie, wens ek, op 'n manier, as jy dit kan hoor, op een of ander manier. Het my soort van gepla. Ek wil dit net noem voor ek met die diens begin. Omtrent—omtrent 'n week of tien dae gelede, was ek so ontsteld. Ek het net … Ek—ek—ek het net nie, ek wou nie dienste neem of enigiets nie, want ek—ek het dit nie geweet nie. Dit was asof dit iets kon wees wat sleg was, en ek het nie geweet presies wat dit was nie. So ek …

Een oggend vroeg, het ek opgestaan, om op te gaan na Sabino Canyon. Wat, van die huis af, is dit net omtrent dertig minute se ry na die … of veertig, na die kop van die Sabino Canyon, dan is daar 'n pad wat dertig myl op gaan tot op die berg.

4 Vreemde land, daarbo. Ek kan hier in die woestyn wees, waar dit tagtig en negentig grade is, nou, en binne dertig minute in agt voet sneeu wees, sien, bo-op die berg. Ons was in Phoenix, net onlangs, waar dit iets in die twintig was, agt-en-twintig grade. Hulle het die swembad laat verhit, en mense wat swem. En omtrent veertig minute se ry daarvandaan, was dit minus veertig, by Flagstaff. Sien? Dis die verskil van die opstrome en die woestyn. En baie gesond vir asma, ensovoorts.

5 Maar, nou, ek het opgegaan in die canyon, en ek het geklim so hoog as wat ek kon gaan. En ek—ek—ek het die Here gevra, terwyl ek daarbo gesit het, wat dit alles beteken, ensovoorts. Ek was soort van gepla, en het nie net geweet wat om te doen nie.

En so terwyl ek gebid het; het 'n vreemde ding gebeur. Ek—ek—ek wil eerlik wees. Nou, ek kon aan die slaap geraak het. Dit kon soos 'n beswyming gewees het, of dit kon 'n—'n—'n visioen gewees het. Ek is min of meer geneig om te glo dat dit 'n visioen was. Dat, ek het my hande uitgesteek, gesê: "Here, wat beteken hierdie ontploffing? En wat beteken hierdie sewe Engele in 'n konstellasie van—van die piramide, my optel van die grond af en draai ooswaarts, wat beteken dit?"

6 Ek het daar gestaan, in gebed, en iets het gebeur. En, toe, het iets in my hand geval. En ek weet, as jy nie geestelike dinge verstaan nie, mag dit baie vreemd klink. Maar iets het in my hand getref. En, toe ek gekyk het, was dit 'n swaard. En die handvatsel was gemaak van pêrel, die mooiste pêrel wat ek ooit gesien het. En die—die skerm, julle weet die veiligheids skerm, waar … ek reken dis om te keer dat jou hande gesteek word, julle weet, terwyl jy … die—die mense in 'n twee geveg is; was goud. En die sabel se lem was nie te lank nie, maar dit was net vlymskerp; en dit was blink silwer. En dit was die mooiste ding wat ek ooit gesien het. Dit het net presies my hand gepas. En ek het dit vasgehou. Ek het gesê: "Is dit nie mooi nie!" Ek het daarna gekyk. En ek het gedink: "Maar, julle weet, altyd bang vir 'n swaard." Ek was soort van bly dat ek nie geleef het in die dae wat hulle dit gebruik het nie, want ek—ek's bang vir 'n mes. En so het ek—ek gedink: "Wat sal ek daarmee doen?"

En terwyl ek vashou, in my hand, het 'n Stem van iewers gesê: "Dit is die Koning se swaard." En toe

was dit weg.

7 Wel, ek—ek het gewonder wat dit beteken: "Dit is die Koning se swaard." En ek het gedink: "As Dit sou gesê het: ''n koning se swaard,' sou ek dit kon verstaan. Maar Dit het gesê: '*Die* Koning se swaard.'" So ek mag dit nie reg hê nie, maar ek het gedink: "Daar is net Een, *Die* Koning, dis God. En Sy swaard is *Dit*: 'Skerper as 'n tweesnydende swaard,' sien. 'En julle bly in My, en My Woorde …'" Sien? En ek—ek het gedink …

In tweegeveg, julle sien, en soos ek nie verstaan- … ek verstaan nie een woord daarvan nie, maar, of een beginsel van tweegeveg nie. Maar, na die beste van my wete, die mes wat oorlangs slaan. En dan, uiteindelik, die—die swaarde, as hulle sluit, die vyand en jy sluit die swaarde, soos *die*, dan neem dit die krag van die man wat veg. Want, sien, sy swaard sou na my hart gewys word, en myne na syne, maar hulle is gesluit, soos ons messe mekaar slaan. En dan slaan hulle, en dan kom die swaarde bymekaar. En die een wat die ander een kan afdwing, die swaard is reguit op die hart. So dit neem …

8 Selfs al is die swaard die Woord, neem dit die hand van sterk geloof om Dit daar te hou, om Dit na die hart van die vyand te bring. Nou, sonder om hierdie dinge te weet, maar net … Alles wat ek van Hom ontvang het, wat ek kan sê, het ek julle vertel. So, dat, julle weet, ek glo dit was … Was dit nie wat ons Here gesê het, alles wat Hy van die Vader ontvang het, het Hy vertel, en niks weerhou het nie? En—en so wil ons daardie dinge doen net soos hulle kom. Nou, as julle werklik wys sal wees, en bid, is ek seker julle sal binnekort iets verstaan, nou, iets wat ek hoop geopenbaar word.

9 Nou, in hierdie Boek, laat ons nou almal blaai na die—die 5de hoofstuk van die Boek wat Die Openbaring van Jesus Christus genoem word.

Nou, môre-aand is die Eerste Seël. Waar, die eerste vier Seëls oopgemaak word, deur vier perderuiters, een op elke Seël wat die aarde tref. En dan, miskien, sal hulle nie lank wees nie, totdat nadat ons verby is … Maandag, Dinsdag, Woensdag, omtrent Donderdag. Dan, veronderstel ek, op die Sesde … en Vyfde, Sesde, en Sewende Seël, sal waarskynlik baie lank wees. So, miskien sal dit julle 'n bietjie tyd gee om 'n bietjie te rus.

10 Ons beoog om die dienste in die aand te begin, glo ek, om sewe, in die week. En ek moet op die platvorm wees om sewe-dertig, presies. En so kan dit ons laat uitkom teen middernag. So—so, ek—ek het 'n uur langer gegaan, vanmôre. Ek het dit nie bedoel nie, ek het net … Ek weet nie wanneer nie.

Want, ek weet nie wat die eerste ruiter is nie. Ek ken nie Tweede, Derde, Vierde, Vyfde, Sesde, of Sewende Seël nie. Ek, op hierdie oomblik, weet nie. Sien? Ek maak net staat op Hom. So dis waarom, probeer hierdie week, deur die genade van God om te help, glo dat, as jy diep verstaan …

11 Julle weet, in visioene, kan jy nie dinge openbaar totdat jy toegelaat word om dit te openbaar nie. Hoeveel keer het julle almal my hoor sê: "Gaan in 'n huis in, miskien lê 'n hoed *hier.* En hierdie sekere kind, ensovoorts, sal nie genees word totdat dit *hier* lê nie." Ek kan hulle nie sê nie, of ek kan dit ook nie soontoe skuif nie. Dit moet wees, beweeg, op 'n ander manier. Iemand anders moet dit neem en dit beweeg. En, alles in orde, dan kan dit geopenbaar word.

12 So wees nou in gebed. Nou, net voor ons die Boek nader, laat ons met Hom praat, met ons hoofde gebuig.

Here Jesus, ons is heeltemal onvoldoende. Ons sal nie probeer, op geen manier, om hierdie heilige Boek te benader, in hierdie heiligste uur wat siele hang in die bestemming van tyd, sonder om te vra, Here, dat, die enigste Een wat hierdie Boek kan openbaar, dat Hy nou na vore kom, en die swak pogings van U diensknegte seën. Seën die Woord soos Dit uitgaan. Mag Dit gaan in die krag van die Gees. En mag die geestelike grond van die … hulle wat honger en dors is om geregtigheid te ken en die wil van God te ken, mag Dit daar val en van Sy soort voortbring. Skenk dit, Here. Alle lof sal U toekom. Mag die honger en die wat dors is kos vind en drink, vanaand, van die Woord. Ons vra dit in Jesus se Naam, in Wie die openbaring is. Amen.

13 Nou, nou gaan ons na die 5de hoofstuk blaai. Nou, hierdie is nie die Sewe Seëls nie. Dit is die gaping tussen die kerkeeue en die Sewe Seëls. Nou, daar is ook 'n 6de hoofstuk van …

En daar was 'n 4de hoofstuk, liewer, van Openbaring, en, daarin, het dit soort van iets geopenbaar wat sou plaasvind nadat die Kerk opgegaan het. Dat, die Kerk gaan op na die 3de hoofstuk van Openbaring, en kom nie terug voor die 19de hoofstuk van Openbaring nie. Sien? Daarom, die Kerk mis die Verdrukking. Ek weet dis teenstrydig met— omtrent elke onderwyser met wie ek ooit gepraat het. Maar ek—ek—ek bedoel nie om meningsverskille te he nie. Ek—ek meen om julle broer te wees, maar ek—ek moet onderrig net soos ek Dit kan sien. As ek dit nie doen nie, kan ek Dit nie bymekaar sit nie, julle sien. En nou, of Dit opgaan voor die Verdrukking of na die Verdrukking, ek wil opgaan Daarmee. Dis die belangrikste ding.

14 So, daardie dinge neem ons aan—ons, want, sonder opleiding, tipeer ek dit. Ek kyk en sien wat is, of was in die Ou Testament, wat 'n tipe of 'n skaduwee van die Nuwe is, dan het ek 'n idee wat die Nuwe is. Sien? Soos as … Noag het in die ark ingegaan voor die verdrukking begin het, 'n tipe; maar selfs voor Noag, sien, in die ark ingegaan het, het Henog opgegaan, sien, voor enigiets gebeur het. En Lot is uit Sodom geroep voor een spikkel van die verdrukking begin het, van verwoesting; maar Abraham was, die hele tyd, daaruit. Sien, tipes.

15 Maar nou sal ons die 1ste vers lees. Ek sal die eerste twee of drie verse Daarvan lees.

> *En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël.*

> *En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?*

> *En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie.* (Wat 'n Boek!)

> *En ek het baie geween, omdat daar niemand waardig bevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie.*

Nou, jy praat van onwaardigheid? “Nie eens waardig om Daarna te kyk nie; geen mens, nêrens.”

> *Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die Wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.*

> *En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.*

> *Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit;*

Ons sal daar bly vir 'n paar oomblikke, van die lees van Openbaring 5, af tot en met die 7de vers.

16 Hierdie Sewe-Seël Boek word geopenbaar in die tyd van die Sewe Donderslae van Openbaring 10, nou, as julle dit neerskryf. Laat ons blaai na Openbaring 10, net 'n oomblik, sodat julle 'n begrip sal kry voor ons daarin gaan. Nou, dit is by die endtyd. Want, luister:

> *En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, …*

As julle oplet, dis Christus, sien. Want, Hy, in die Ou Testament, is die Engel van die Verbond genoem. En Hy kom nou direk na die Jode, want die Kerk is klaar. Sien? Goed

> … *en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur;*

Onthou julle daardie Engel in Openbaring 1? Dieselfde ding. Engel is 'n “boodskapper.” En Hy's die Boodskapper vir Israel. Sien? Die Kerk is weggeraap, sien, nou, of gereed om weggeraap te word. Hy kom vir Sy Kerk. Nou kyk.

> *en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad,...*

17 Nou, hier, Dit was hier gesluit en verseël; en hier is Dit oop. Dis geopen. Sedert daardie tyd van die verseëling, waar ons vanaand heen gaan, nou is die Boek oop. “'n Boekie in Sy hand, in Sy … Dit was oop. O, hoe die son, soos pilare …” Wag net 'n oomblik. Laat ek weer hier begin lees.

> *en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land;*

> *en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, …*

Ons weet Hy is die Leeu van die stam van Juda. Hier is Hy die Lam; maar hier is Hy die Leeu. Sien?

> … *en toe hy uitgeroep het, het sewe donderslae hulle stemme laat hoor.*

Nou, Johannes is opdrag gegee om te skryf wat hy gesien het, so die apostel, en profeet, het sy pen opgetel om Dit te skryf.

> *En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.*

Nou, dis wat ons nie weet nie. Dit moet nog geopenbaar word. Dis nie in die Heilige Skrif, wat daardie Donderslae sê nie.

> *En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef,* (luister nou)
>
> *en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en ewig lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie;*

Kyk! Hier is 'n vers waarby ek wil kom.

> *maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.*

18 Nou, sien, die verborgenheid van hierdie Sewe-Seël Boek sal geopenbaar word met die blaas van die sewende kerk engel se Boodskap. Sien? "Die sewende engel begin weerklink," en daar is die Boodskappe neer geskryf, en ons het Dit op band en boekvorm gekry. Nou: "Aan die begin van die weerklink van die Boodskap, behoort die verborgenheid van God voltooi te wees, sien, teen daardie tyd." Nou ons sal oplet. Die Boek, van die verborgenheid van God, word nie geopenbaar totdat die sewende engel se Boodskap gehoor is nie.

Nou, hierdie punte sal belangrik wees in die Seëls, ek is seker, want Dit moet, elke stukkie, werk saam.

19 Nou, Dit is geheimsinnig geskryf, omdat geen mens, nêrens, Dit ken nie. God alleen, Jesus Christus, sien. Nou, maar is … Dit is 'n Boek, 'n geheimsinnige Boek. Dis die Boek van Verlossing. Ons sal daarin gaan, in 'n rukkie. En nou ons weet dat hierdie Boek van Verlossing nie deeglik verstaan sal word nie; Dis ondersoek, deur ses kerkeeue. Maar aan die einde, wanneer die sewende engel sy verborgenheid begin verkondig, bind hy al die los punte saam wat die mense ondersoek het. En die verborgenhede kom van God af, as die Woord van God, en openbaar die hele openbaring van God, dan is die Godheid en alles anders word afgehandel. Al die verborgenhede, die saad van die slang, en wat nog, moet geopenbaar word.

20 Nou, julle sien, ek maak dit nie net op nie. Dis wat … Dis SO SPREEK DIE HERE. Ek sal Dit vir julle lees uit die Boek: "Die weerklank van die sewende engel se Boodskap, die verborgenheid van God behoort beëindig te wees, wat deur Sy heilige profete verklaar is," dis die profete wat die Woord geskryf het. Met die weerklank, van die sewende kerkeeu, die laaste kerkeeu, sal al die los punte, wat deur hierdie kerkeeue ondersoek is, saam gebind word.

En wanneer die Seëls gebreek word, en die verborgenheid geopenbaar word, kom die Engel af, die Boodskapper, Christus, wat Sy voet op die land en op die see sit, met 'n reënboog oor Sy kop. Nou, onthou, hierdie sewende engel is op aarde in die tyd van hierdie Koms.

21 Net soos Johannes sy boodskap gegee het, dieselfde tyd wat die Messias in daardie dae was. Johannes het geweet hy sou Hom sien, want hy sou Hom bekendstel.

En ons besef dat, in die Skrifte, daar in Maleági 4, daar sal 'n een soos Johannes moet wees, 'n—'n Elía na wie die Woord van God kan kom. En hy moet, deur die Heilige Gees, al die verborgenhede van God openbaar, en die Geloof van die kinders terugbring na die geloof van die apostoliese vaders, al hierdie verborgenhede herstel wat ondersoek is, deur hierdie denominasionele jare. Nou, dis wat die Woord gesê het. Ek is net verantwoordelik vir wat Dit gesê het. Sien? Dis, Dis geskryf, is reg. Dis wat Dit is.

22 Nou, ons sien dat hierdie Sewe-Seël Boek, nou, die geheim van verlossing is. Dis 'n Boek van Verlossing, van God.

Nou, al die verborgenhede, op hierdie tyd, behoort klaar te wees met die hoor van hierdie boodskapper. Nou, *hier* is die engel op aarde; en 'n "ander" Engel, magtige Boodskapper, kom af. Sien, *hierdie* engel was 'n aardse engel, boodskapper; maar *hier* kom Een af uit die Hemel, 'n reënboog verbond, sien, dit kan net Christus wees.

Net presies soos dit was in Openbaring, 1ste hoofstuk: "Staan in die middel van die Sewe Goue Kandelare, met 'n reënboog, lyk soos jaspis en sardius steen."

23 En hier keer Hy terug, in die 10de hoofstuk, na die komende tyd wanneer al die verborgenhede klaar moet wees en die Seëls gebreek moet word, en verkondig dat dit is: "Tyd is nie meer nie." En Hy het gesê: "Wanneer die sewende engel begin weerklink, dan sal die verborgenheid klaar wees, en tyd vir die Engel om te verskyn." Ons is naby, erens. Reg. Nou let op.

24 Die Sewe Seëls hou die verborgenheid van die Boek. Totdat ons kan sien wat daardie Sewe Seëls ingeseël het, veronderstel ons net daardie dinge. Want, soos ek julle gesê het, vanmôre, met my Boodskappie vanmôre, van God wat in eenvoud skuil. Julle sien, ons—ons is … Ons sal sekerlik die ding mis, tensy Dit absoluut, werklik geopenbaar word deur die Heilige Gees, en dieselfde bevestig word. Sien? As die profeet opstaan en vir jou sê dat Dit net Dat is, en God nie dieselfde bevestig nie, vergeet dit. Sien? Maar God, in elke stelling, in alles, moet Dit bevestig, om Dit reg te maak. Sien? So, Sy kinders sal daardie dinge dophou, sien, en waaksaam wees, oplet.

25 Sewe Seëls op die Boek, het die … Hierdie Sewe Seëls het die Boek verseël. Sien? Die Boek is absoluut verseël. Sien julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Die Boek is absoluut 'n verseëlde Boek totdat die Sewe Seëls oop is. Dit is verseël met Sewe Seëls. Nou, dis anders as die Sewe Donderslae. Sien? Hierdie is Sewe Seëls op die Boek. En die Boek sal nie, die Seëls sal nie oop gemaak word tot die Boodskap van die sewende engel nie. Sien? So ons—ons veronderstel; maar die ware openbaring van God sal perfek gemaak word met daardie klank, bevestigde Waarheid. Nou, dis presies wat die Woord sê: "Die verborgenheid behoort by daardie tyd klaar te wees."

En hierdie Sewe-Seël Boek, onthou, Dit was hier gesluit, in Openbaring die 5de hoofstuk, en in Openbaring die 10de hoofstuk word Dit geopen.

26 En nou gaan ons sien wat die Boek sê oor hoe Dit oopgemaak word. En word nie bekend gemaak totdat die Lam die Boek neem, en die Seëls breek, en die Boek oopmaak nie. Sien? Die Lam moet die Boek neem.

Dis weggesteek. Onthou nou: "Geen mens in die Hemel, geen mens op aarde nie," pous, biskop, kardinaal, staatspresbiter, of wie hy ookal is, "kan daardie Seëls breek, of die Boek openbaar, behalwe die Lam nie." En ons het ondersoek, en veronderstel, en gestruikel, en gewonder, en—en dis waarom ons almal in so 'n verwarring is.

Maar met die Goddelike belofte dat hierdie Boek van Verlossing perfek geopen sal word deur die Lam, en die Seëls daarvan losgemaak sal word deur die Lam, in die laaste dae waarin ons nou lewe. En word nie bekend gemaak totdat die Lam die Boek neem en die Seëls breek nie. Want, onthou, die Boek is gehou in die hande van Hom wat op die Troon gesit het. "En die Lam kom na Hom wat op die Troon sit, en neem die Boek uit Sy regterhand." Neem die Boek! O, dis diep. Ons sal probeer om dit op te los as ons kan, met die hulp van die Heilige Gees. Nou ons maak staat op Hom. En ons sal sien, later, dit is met die endtyd: "Wanneer die tyd uitgeloop het."

27 Geen denominasies het 'n reg vir interpretasie van die Boek nie. Geen mens het 'n reg om Dit te interpreteer nie. Dit is die Lam Wie Dit interpreteer. En die Lam is die Een Wat Dit spreek, en die Lam maak die Woord bekend, deur te bevestig en die Woord Lewendig te maak. Sien? Presies! Let op. En word nie geopenbaar totdat …

28 Hierdie Boek word nie geopenbaar totdat die kerkeeue en denominasionele eeue uitgeloop het nie: "en daar is nie meer tyd nie." Sien julle dit? Dis word net geopenbaar nadat die kerkeeue en denominasionele eeue uitgeloop het.

Dis waarom die ding vanaand in so 'n twis is. Sien, hulle tel 'n bietjie doktriene op, en hulle hardloop hier na een kant toe, sê: "Dit is Dit!" 'n Ander een tel 'n ander leerstelling op, hardloop van *hierdie* kant af, sê: "Dit is Dit!" En elkeen bou 'n denominasie daaronder, totdat ons honderde denominasies het. Maar steeds, in dit alles, om die verwarring te sien, wonder die mense: "Wat is Waarheid?" As dit nie net die toestand vandag is nie!

29 Maar dan belowe Hy, dat: "Wanneer daardie tyd verby is, sal daar die weerklank van die sewende engel se stem wees, en dan sal die Boek geopenbaar word, sien, op daardie tyd."

Nou, moenie sê, niemand: "Daardie mense is nie destyds gered nie."

Maar, die verborgenhede, dit kon hulle nie verstaan nie! Hoedat God drie kan wees en, tog, Een! Hoedat die Skrif kan sê: "Doop in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees," en omdraai en sê: "Doop in die Naam van Jesus." Sien? O, soveel dinge! Hoe kan Eva 'n appel eet en die—die verwoesting van die hele wêreld veroorsaak? Sien? Hoe kan hierdie dinge wees? Maar daardie verborgenhede is belowe om geopenbaar te word in die endtyd.

Dis klein, los punte wat … Hierdie groot krygers het op die toneel verskyn, soos Irenaeus, en Martin, Sint Martin, en Polycarp, en die verskillendes, en Luther, en Wesley, en al hierdie. Sien? Hoe hulle gekom en net lank genoeg gelewe het om—om soort van 'n lig te bring en dit te skyn, maar hulle het baie dinge in—in duisternis gelos. Die Pinkstertydperk het gekom, soos die Lutherse Eeu, en hulle het uitmekaar gespat. Maar tog, goed, moenie sê hulle was nie reg nie. Hulle was. Maar daar is los punte oor, wat nie verduidelik kan word nie. Maar toe in … Hoekom? Die Seëls is nog nie gebreek, om deeglik te openbaar wat hierdie dinge is nie. Sien?

30 Maar dan, in die laaste eeu, moet al hierdie verborgenhede opgelos en uitgedeel word. En die Seëls moet oopgemaak word deur die Lam, en geopenbaar word aan die Kerk, en dan is tyd nie meer nie. Sien? Hoe wonderlik! Dan, die Boek, is dan, 'n Boek van Verlossing. Want, dan gaan Dit voort …

En ons sal inbring, later aan, hoe die honderd vier-en-veertig duisend ingebring word, ensovoorts. Goed. Dis Jode.

31 Nou, nou, Paulus. Laat ons 'n bietjie lees. Ek kry sommige van hierdie Skrifte, en ek dink ons behoort—moet Hulle lees. Nou laat ons almal blaai na; Paulus, in Efésiërs 1.

Ek sien baie wat neerskryf. Hulle het hulle boeke en skryf die Skrifte neer, merk hulle in hulle Bybel, as 'n verwysing. So, dis—dis goed. Ek hou daarvan dat julle dit doen, en dan huis toe gaan en Dit bestudeer. Sien? En—en as jy Dit bestudeer, jouself, dan sal—sal jy Dit beter verstaan. Sien? Bestudeer Dit net, en vra God om jou te help om te verstaan.

Nou laat ons 'n—'n Skrif lees wat ek hier neergeskryf het. Efésiërs 1:13 en 14, nou.

> *in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte,*
>
> *wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.*
> Sien?

32 Nou, terwyl ons die Skrifte oop het, laat ons … Sien, die Heilige Gees hier, Self, is 'n Seël. Die Heilige Gees is 'n Seël. En 'n Seël dui aan (wat?) 'n voltooide werk, die Heilige Gees wat 'n Seël vir die indiwidu is. En aan daardie indiwidu, wanneer hy die Heilige Gees ontvang, dan is sy tyd van kerm verby, sien, want dit is 'n voltooide werk.

33 Byvoorbeeld, ek het vir die spoorweg maatskappy gewerk, en ons sou trokke laai met blikkies en verskillende dinge van die inmaakfabriek. En, maar, dan, voor daardie trok verseël kon word, het die inspekteur gekom, om te sien of daardie trok behoorlik gelaai was. Indien nie, [Broer Branham klap sy hande een keer — Red.] Die eerste keer wat dit stamp teen iets, sou dit die goed rondstoot en dit breek, en—en die spoorweg maatskappy was verantwoordelik. En daardie inspekteur sou alles toets, om te sien of dit behoorlik in plek was. As dit nie was nie, het hy die trok afgewys. Dan moes ons dit alles weer doen, totdat die inspekteur tevrede was. En dan wanneer die inspekteur tevrede is, maak hy die deur toe. Die inspekteur maak die deur toe. En die inspekteur plaas 'n seël daarop, en dan kan niemand hierdie seël breek totdat dit sy bestemming bereik nie.

34 Dis wat die Heilige Gees doen. Sien? Hy gaan en Hy inspekteer. Dis waarom jy nie hierdie dinge kan hê en … Julle sê: "Ek het in tale gepraat, en ek het uitgeroep, en ek het in die Gees gedans." Dit het niks Daarmee te doen nie. Sien? Die Heilige Gees inspekteer daardie persoon totdat Hy heeltemal tevrede is en weet dat hulle is.

Dan, is hulle verseël tot by hulle Ewige bestemming. Daar is niks wat ooit daardie Seël kan breek nie. Die Bybel … Julle skryf die Skrifte neer. Efésiërs 4:30, het gesê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur julle verseël is tot die Dag van julle Verlossing." Hou daardie woord: "verlossing," sien. Tot die dag wat die Boek van Verlossing geopenbaar is, en die Verlosser kom om Sy besitting op te eis! Niks kan dit doen nie. Sien? "Moenie Dit grief nie." Bly … Doen dinge wat God behaag, want die Boek is verseël, nou, en julle is verseël. Die Heilige Gees, Self, is die Seël.

35 *Seël* beteken … Nou, hierdie is woorde wat ek uit die woordeboek gekry het. *Seël* dui 'n "voltooide werk" aan. En wanneer die Sewende Seël gebreek word, is die verborgenheid van God wat verseël is in hierdie geheimsinnige Seëls voltooi. Tot die dag dat daardie Seël gebreek is, en dan is dit geopenbaar wat aan die binnekant Daarvan is.

As die man wonder wat in daardie trok is, sê: "Daar is veronderstel om so-en-so te wees. Daar is veronderstel om te wees." Hy veronderstel. Maar wanneer die seël gebreek word, en die deur oopgemaak word, dan sien ons daarin en sien presies wat daarin is.

Sien julle dit? En dit sal net aan die endtyd gedoen word.

36 Nog 'n ding wat 'n Seël aandui, is "eienaarskap." Sien, die Seël het 'n merk op Dit, toon eienaarskap. Wanneer jy gekoop is deur die Bloed van Jesus Christus, en verseël is deur die Heilige Gees, behoort jy nie meer aan die wêreld of enigiets wat op die wêreld betrekking het nie. Jy word deur God besit.

Nog 'n ding, is, 'n Seël is 'n "sekuriteit." Seël beteken jy is veilig. Nou, julle wat nie glo in Ewige sekuriteit nie, ek weet nie, sien. Maar nou, dis, 'n Seël dui sekuriteit aan tot by sy bestemming. Wee daardie kêrel wat sou probeer om daardie Seël te breek! En die Heilige Gees Seël kan nie gebreek word nie.

37 Julle almal het my hoor sê dat mense sê: "Die duiwel het my *dit* laat doen." Nee, nee, die duiwel het dit nie gedoen nie. Jy was net nie ingeseël nie. Want, wanneer jy ingeseël is, is hy uitgeseël. Ja. Sien? Nou, jy het uitgegaan na hom. Uh-huh. Hy kon nie in jou inkom nie, want die enigste manier om in jou in te kom, is deur dieselfde proses wat jy ingekom het. Hy sou gered moes wees, geheilig word, en gevul word met die Heilige Gees, dan sou hy jou broer wees. So, julle sien, so hy—hy het dit nie gedoen nie. Nee, nee. Jy het net na die grenslyn gegaan en teruggekom, begeer die dinge van die wêreld. Jy het nooit die hele pad in Kanaän ingegaan nie, jy sien, oor die Jordaan, die dood van jouself. Sien?

38 Nou let op, nou, hierdie Boek is verseël. En—en jy is verseël, met die Boek, tot die Dag van Verlossing.

Weereens, in Romeine 8:22 en 23. Laat ons dit kry, en dit sal ons hierdie agtergrond gee, dan dink ek ons sal Dit 'n bietjie beter verstaan as elke persoon Dit vir hulleself lees. Ek gee julle 'n paar Skrifte hier, sodat ons kan—ons na Hulle kan kyk, en terwyl die uur nog jonk is. Nou, 8, Romeine 8:22, om te begin.

> *Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barendsnood is tot nou toe.*
>
> *En nie alleen hulle nie, maar onsself ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik, die verlossing van ons liggaam.*

39 O, goeiste! O, goeiste! Laat dit nie ons ou mense goed laat voel nie? Dit behoort ons almal goed te laat voel, te wag vir hierdie uur. Ons verstaan dit sal plaasvind met die eerste opstanding. Sien? Die natuur sug. Ons sug. Alles sug, want ons besef daar is iets wat nie reg is nie. En die enigste manier wat jy kan kreun, en daarvoor wag, is omdat daar nuwe Lewe *hier* ingekom het, wat spreek van 'n nuwe Wêreld.

40 Soos my vrou hier, nie lank gelede nie, ons het hier na die supermark gegaan. En ek het gesê: "Ons het 'n vreemde ding gevind; 'n dame het 'n rok aangehad." En dit was so vreemd, sien. Hulle, hulle is … Byna niemand van hulle dra rokke nie, julle sien. En, om een of ander rede, is hulle vergeetagtig; hulle gaan uit sonder dit. So dan … Hulle is opsetlik vergeetagtig.

En so, toe, het Meda vir my gesê, sy het gesê: "Bill, hoekom is dit?" het sy gesê.

"O," het ek gesê: "dis net die gees van die nasie." En ek het gesê: "Wanneer jy na Duitsland gaan, het hulle 'n sekere gees. Gaan na Finland, hulle het 'n nasionale gees. Kom jy na Amerika, ons het 'n nasionale gees."

Ons nasionale gees is pret, grappe. Weet julle waarom? Ons is gegrond op die Doktriene van die apostels. Ons is opgerig deur leierskap van groot manne, soos Washington, Lincoln. Maar ons het wegbeweeg van daardie fondasie af, en ons weet dat dit gaan kom. Ons weet dat 'n atoombom ons naam daarop het. Ons weet dat slawerny voor ons lê. Nie nodig om jouself te mislei nie.

41 Dit herinner my, soos party van hierdie komediante, wat afgaan en—en hierdie grappe vertel, en aangaan, en vroue wat aangaan soos hulle, en mans, saam. Dit herinner my net aan 'n seuntjie wat deur die begraafplaas gaan, fluit, probeer om homself te laat glo hy is nie bang nie. Sekerlik, hy's bang. Sien? Hy mislei niemand nie. Dis waarom hy fluit. Sien? Hy probeer sê hy is nie bang nie, maar hy is. En dis wat die probleem is, vandag.

Maar, o, watter geseënde hoop vir die gelowige, wat hande opsteek, want ons verlossing kom nader. Wanneer hy hierdie dinge sien verskyn, is dit 'n wonderlike tyd vir die gelowige.

42 Nou, hierdie dinge, dit, die kreun in ons liggame. Het julle ooit opgelet 'n boom, hoe dit worstel vir lewe? Dit wil lewe. En jy let op 'n dier, hoe in—in die dood, hoe dit worstel. Julle let op 'n mens, alles, die natuur worstel. Ons, in onsself, worstel. Sien? Ons weet daar is iets verkeerd. Ons sien, in hierdie verse, dat iets verlore is, beide vir die mens en die aarde. Skepping van alle soorte, het iets verloor, want ons sien uit hierdie geïnspireerde Woord dat dit worstel om een of ander rede. Jy, jy sug nie tensy daar 'n rede daarvoor is nie.

Soos ek van die ink gepraat het, dis 'n rede.

43 Dis hoe om vir die siekes te bid; totdat jy die oorsaak kan vind! Ek ken die kuur, maar ek moet die oorsaak vind. Dis waarom die visioene so nodig en prominent is; dit openbaar die geheim van die hart, sê vir die persoon waar jy jou fout gemaak het, en wat om te doen. Sien? Maak nie saak hoeveel medisyne jy neem, of hoeveel olie jy op hulle koppe gooi, of hoe hard enigiemand oor jou sal skree nie; as daar iets verkeerd is, sal hy net daar lê. Ek het gesê: "hy," dis Satan.

Sien, vandag, hoe gevorderd ons is, in medisyne, ons weet steeds niks van hierdie dinge nie. Jy sê:

"Hy het kanker." Wel, dit is niks nie. Dit, dit—dit is net 'n naam wat dit is. Dit gee die mediese naam, kanker. Dit het niks te doen met wat dit is nie. Dis die naam wat ons dit noem. Ons noem dit net die naam, kanker. Maar, regtig, wat dit is, breek dit af, dis 'n duiwel.

44 Nou, ons sê "sonde." Ons noem dit net sonde. Breek dit af. Wat is sonde? Baie mense sê: "Drink, owerspel." Nee, nee. Dis die eienskappe van sonde. Sien? Dis wat sonde veroorsaak, sien. Maar ware sonde is ongeloof. Dis waar dit—dis waar dit genoem en uitgeroep word. As jy 'n gelowige is, doen jy nie daardie dinge nie. Maar maak nie saak hoe heilig jy jouself probeer maak, en hoe godsdienstig jy probeer wees nie; as jy daardie dinge doen, is jy 'n ongelowige. Dis Skriftuurlik.

45 Nou, iets is verlore, en dit kreun. Dit probeer terugkom, om terug te wees na sy oorspronklike toestand.

Kan jy jou voorstel iemand wat val van die aarde, af in 'n diep put iewers, en sukkel, klim, trek? Hulle moet, op een of ander manier, uit hierdie put kom. Hulle is nie in hulle oorspronklike toestand nie. En, fanaties, skree hulle. Hulle klou aan die mure, maak 'n geraas, of doen een of ander iets. Hulle—hulle kreun omdat hulle wil terugkeer na hulle oorspronklike toestand.

46 Dis waarom 'n persoon, wat getref is deur 'n siekte, seer het en pyn. Eenkeer was hulle nie so nie, maar hulle sug. Hoekom? Hulle is nie reg nie. Daar is iets verkeerd. En hulle sug, en probeer terugkom na waar hulle was toe hulle gesondheid gevoel het.

47 En wanneer die natuur en mense, soos die Bybel sê: "sug," wys dit daar is iets, dat hulle nie in hulle regte toestand is nie. Hulle het van iewers af geval. Nou, ons het nie enigiemand nodig om dit vir ons te interpreteer nie. Sien? Want, natuurlik, ons weet dit was Ewige Lewe, waarvan hulle weggeval het. En hulle het hulle aansprake op Ewige Lewe verloor, deur die val van Adam en Eva, wat van die Ewige Lewe weggeval het, na die dood, in die tuin van Eden, en die hele natuur, onder hulle, tot die dood gebring het.

'n Boom het nooit gesterf, voor Adam nie. 'n Dier sou nie sterf, voor Adam nie. En daar's net een ding wat nie kan sterf nie, en dis God, want Hy is Ewig. En dis die enigste manier wat ons ooit kan keer om te sterf, ons moet Ewige Lewe in ons hê, om seuns en dogters van God te wees.

Maar toe ons gesterf het, soos ek gesê het in die Boodskap vanmôre, in sonde, het ons ons geboortereg uitverkoop en hierdie afgrond oorgesteek. Nou is ons buite bereik van God, aan hierdie ander kant van die afgrond. Nou, natuurlik, toe Adam geval het, tot die dood, het hy die dood oor die hele skepping gebring.

48 Nou, hy is 'n vrye morele agentskap gegee. Dit is aan hulle gegee net soos ons, om 'n keuse te maak. Nou, Adam en Eva, in die begin, was daar 'n boom van reg en verkeerd voor hulle, en daardie selfde boom sit voor elkeen en—en elkeen van ons. Sien, God doen nie vir Adam of vir Eva … Julle sê: "Wel, dis hulle skuld." Nee, dit is nie nou nie. Dis jou skuld. Jy kan dit nie nou op Adam sit nie. Jy moet dit op jouself sit, want reg en verkeerd word voor jou gestel. Ons is op dieselfde basis as Adam en Eva.

49 Maar, julle sien, wanneer ons verlos is, wil ons nie meer ons eie keuse hê nie, maar ons wil Sy keuse hê. Sien? Sien?

Nou, Adam en Eva wou hulle eie keuse hê. Hulle wou, hulle wou uitvind wat dit was om wysheid te hê, so hulle het vir dit gesoek, en dit het die dood veroorsaak.

50 Nou, wanneer 'n man verlos is, gee hy nie meer om vir geleerdheid nie. Hy gee nie meer om vir die dinge van die wêreld, die wysheid van die wêreld nie. Hy wil glad geen keuse hê nie. Christus is sy keuse, en dis al. Hy is verlos. Hy wil net nie meer homself lei nie. Hy wil nie hê iemand moet hom inpraat oor waarheen om te gaan en wat om te doen nie. Hy wag net en vind uit die keuse van sy Maker. Sien? Dan gaan hy in die Naam van sy Maker, wanneer die Maker hom sê om te gaan. Sien?

Maar mense wat wysheid soek, wil vind: "Wel, hierdie gemeente is baie goed; maar hulle betaal my meer daar oorkant, so ek sal soontoe gaan." Sien? Sien, wysheid.

51 Nou, toe Adam gesondig het, deur ag te slaan op sy vrou se redenasie in plaas van om vas te hou aan God se Woord, dit was wat Adam laat sondig het. Sy vrou het met Satan geredeneer, en toe die produk aan Adam gewys, en Adam het die Woord laat gaan en uitverkoop.

Hy het ook sy erfenis verloor, toe hy sy broederskap en reg tot Lewe verloor het. Onthou: "Die dag wat julle daarvan eet, daardie dag sterf julle. En toe hy sy Lewe verloor het, het hy ook sy erfenis in die lewe verloor, want hy het volkome opperste beheer oor die aarde gehad. Hy was 'n god van die aarde. God is die God van die heelal, oral. Maar Sy seun het hierdie aarde onder sy eie beheer gehad. Hy kon praat, hy kon noem, hy kon sê, hy kon die natuur stop, hy kon enigiets doen wat hy wou. Sien? Maar, toe hy dit gedoen het, het hy sy erfenis verloor.

Nou, Adam kon sê: "Laat hierdie berg, hier, daarheen beweeg word," en dit sou dit doen. Adam kon sê: "Laat hierdie boom, hier, opgepluk en hier geplant word," dit sou dit doen. Sien? Want hy het volkome, opperste beheer gehad, as 'n minderjarige god onder God ons Vader, omdat hy 'n seun van God was.

52 Nou kan ons nie net 'n oomblik hier stop en 'n ware preek kry nie! Sien? O! Dan, as die Bloed dit terug gereinig het, wat van nou? Sien? Kyk wat daardie Seun van God, die tweede Adam, gedoen het. Sien? En gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook." Sien?

Adam het sy erfenis, die aarde, verloor. Nou, dit het van sy hand oorgegaan na die een aan wie hy uitverkoop het, Satan. Hy het sy geloof in God verkoop, aan Satan se redenasies. Daarom, sy Ewige Lewe, sy reg op die Boom van die Lewe, sy reg op die aarde, het aan hom behoort, en hy het elke stukkie verbeur in die hande van Satan. Hy het dit uit sy hand aan Satan oorgedra. Daarom, nou, dit was, dit het teruggekeer en is besoedel. En die saad van Adam het die erfenis vernietig wat Adam moes gehad het, dis die aarde. Dis reg, sien, die saad van Adam.

53 Ek het gestop, nou die dag, in Tucson waar ek woon. En ek het met iemand gepraat, bo-op die top van die berg, afgekyk. Ek het gesê: "Wat dink jy! Dat, driehonderd jaar gelede, het die ou Papago daar deurgekom op sy travois, met sy Indiaanse vrou en kinders wat agter sit, iewers heen gery en rustig gelewe. Daar was geen egbreuk, geen whiskey, geen dobbel, geen niks tussen hulle nie. Hulle het skoon gelewe. En die prêriewolf het afgekom na die—die water, elke aand, deur Tucson hier, getjank. En die mesquit en kaktus het geblom, rondom op die oewers. En Jehova het daarna gekyk en moes geglimlag het. Maar die witman het daarlangs gekom, en wat het hy gedoen? Hy het die kaktus opgegrawe. Hy het die land besoedel, met bierblikkies en whiskeybottels. Hy het die sedes van die nasie geruïneer. Die enigste manier wat hy die Indiaan kon verslaan, was om sy kos uit te roei, die buffels.

54 Toe ek gelees het in Tombstone, nou die dag, in die—die museum, en die prente van Geronimo gesien het. En baie van julle mag dink dat Geronimo 'n verraaier was. Vir my, was hy 'n egte Amerikaner. Hy het net geveg vir dit wat reg was, wat God hom gegee het: 'n land, en 'n nasie, en 'n plek om te woon. Ek blameer hom nie. En toe daardie wit soldate daar ingekom het en, met geweld, die land oorgeneem het, en hulle doodgemaak het soos 'n klomp vlieë. En daar was die oorspronklike foto van Geronimo se mediese hoofkwartier, of sy hospitaal. Dit was twee of drie komberse oor 'n stuk mesquit. En die gewondes, ware, egte Amerikaners, Indiane, wat veg vir hulle God-gegewe regte. En daar, Geronimo met 'n baba van sy eie, op die heup, staan daar en kyk na sy eie krygers, bloeiend, sterwend, met geen penisillien of niks, geen manier om hulle te help nie; egte, God-gegewe Amerikaners! Noem hom dan 'n verraaier? Ek noem hom 'n heer.

55 Cochise sou nooit oorgegee het nie. Hy was 'n ou man. Maar die Amerikaanse Leër, hulle almal daar was gekleed, en hulle het gegaan en die buffels doodgemaak. Hulle het uitstappies uitgevoer, en Sharpe het die buffelgeweer uitgevind, en hulle het uitgegaan en gesê: "O, ek het vandag 'n goeie dag gehad," geskiet, van die kant van 'n—van 'n bokskar af, of 'n passasiers rytuig. Sê: "Ek het veertig vandag doodgemaak." Veertig buffels, wat die hele stam Indiane sou hou, twee jaar of meer. Wat het hulle met dit gedoen? Hulle in die woestyn laat lê. Hulle ou karkasse het op die lande gevrot, en die lande laat stink, die prêriewolwe het geëet.

56 Wanneer die Indiaan die buffel doodgemaak het, was daar 'n godsdienstige seremonie. Hy het sy hoewe geneem, hulle bewaar om panne te maak. Sy vleis het hulle geeet, selfs die vleis van die ingewande. Hulle het al sy vleis gevat en dit opgehang en dit gedroog. Sy vel was gedroog, en hulle het klere en tente gemaak. Daar was niks …

Maar, wanneer die witman inkom, is die witman die verraaier. Hy is die skurk. En hy het ingekom en daardie buffels doodgemaak, en daardie Indiane uitgehonger.

Enige regte man sou veg vir sy God-gegewe regte. Dis 'n vlek op die Amerikaanse vlag, wat hulle aan die Amerikaanse Indiaan gedoen het. Na alles, dit het aan hom behoort.

Wat sou jy dink as Japa- … Japan, of—of 'n, Rusland sou inkom, en sê: "Gaan hier uit! Gaan weg," en—en doen met ons en ons kinders soos ons met daardie Indiane gedoen het? Maar, onthou, ons het gesaai, en nou gaan ons maai. Dis die wet van God, julle weet. Daar's 'n planttyd, en dan 'n oestyd. Ek dink dat dit jammer is. Ja, meneer.

57 Nou wat het gebeur? Die besoedelde saad van Adam het die land besoedel en absoluut vernietig. Weet julle die Bybel sê dit? En omdat hy dit gedoen het, die besoedelde saad van Adam, sal God hulle vernietig. Wil julle dit lees? Laat ons sien. Ek het dit hier neergeskryf. Blaai na Openbaring, die 11de hoofstuk, en ons sal uitvind. Gaan na Openbaring, die 11de hoofstuk, en ons sal sien wat God gesê het oor hulle wat die aarde vernietig. Die 11de hoofstuk, en laat ons die 18de vers neem, glo ek is dit, 11:18. Hier is dit.

*En die nasies was vertoornd, en jou toorn het gekom* (let nou op na die toorn van God) *en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat U Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.*

58 Wat gaan hulle doen? Maai wat hulle gesaai het. Sekerlik. Wanneer jy sonde sien loop in die strate! Hoeveel, op hierdie Sondagaand, hoeveel owerspel sal vanaand in hierdie stad gepleeg word? Hoeveel vroue sal haar huweliksbelofte verbreek, in hierdie klein gaatjie in die grond hier, genaamd Jeffersonville? Hoeveel aborsiegevalle dink julle word in Chicago aangeteken, in dertig dae? Tussen vyf-en-twintig en dertigduisend per maand, sonder dié wat nie opgeteken word nie. Hoeveel whiskey word in die stad Chicago gedrink? Wat dink julle gebeur in Los Angeles in een aand? Hoeveel keer is die Here se Naam openlik gebruik, in die stad van Jeffersonville vandag? Is dit nou beter, of was dit beter toe George Rogers Clark met die vlot geland het? Julle sien, ons het die aarde absoluut besoedel met ons vuilheid, en God sal diegene vernietig wat die wêreld vernietig. God het so gesê.

Ek het altyd geweet daar was iets binne in my, om bo in die berge te gaan en te kyk hoe God dit gemaak het.

59 Ek haat, Florida, waar hulle daardie kunsmatige palmbome het. En, o, goeiste, ek sou liewer die krokodille sy stert wou sien ruk, terug in die wildernis, as om al daardie aansit en goed te sien wat hulle in Hollywood doen, en al daardie glans, en klomp dronklappe. En, o, goeiste, ek dink net: "Eendag! Eendag!" Ja.

60 Maar, onthou, die Bybel het vir ons gesê, in Mattheüs die 5de hoofstuk, dat: "Die sagmoediges sal die aarde beërwe." Dis reg. "Die sagmoediges en nederiges sal die aarde beërwe." Jesus het gesê: "Geseënd is die sagmoediges," die eenvoudiges wat nie probeer om een of ander groot iets te wees nie: "hulle sal die aarde beërwe." Jesus het so gesê. Ja. Hulle het dit nou besoedel, en God sal hulle vernietig; maar die sagmoediges sal die aarde beërwe, nadat dit gereinig is.

61 Nou, o, goeiste! Nou, die verbeurde titelakte is nou in die hande van die oorspronklike Eienaar, Almagtige God. Die titelakte van die aarde, en die Ewige Lewe, toe Adam dit verbeur het; toe kon Satan se vuil hande dit nie vat nie, so dit het teruggegaan na sy oorspronklike Eienaar, God Self. Ons gaan dit vind, binne 'n minuut. Daar sit Hy op die Troon, met dit in Sy hand, die titelakte. [Broer Branham klap sy hande twee keer — Red.] O, dit laat my godsdienstig voel. Die titelakte tot Ewige Lewe, abstrakte titelakte tot Ewige Lewe, toe Adam dit vir wysheid verbeur het, in plaas van geloof, het dit teruggegaan na die hande van die Eienaar, Almagtige God. Wat 'n groot ding!

Goed, wag. Wat doen dit? In die hande van God, wag vir verlossings eise. Hy het 'n weg van verlossing gemaak, Hy het 'n pad terug gemaak, en eendag moet die Verlosser dit terugvat. Sien julle waarby ons nou kom? Ons sal hierdie Kêrel sien sit op die Troon. Goed, wag vir verlossings eise, dis verlossing.

62 Wat is hierdie Boek van Verlossing, hierdie titelakte, abstrakte titelakte? "Jy sê: 'abstrak'?" Wat beteken 'n abstrak? Beteken dit is deursoek al die pad terug van die begin af. Soos daardie klein—soos daardie druppeltjie ink vanmôre, toe dit daardie bleikmiddel getref het, het dit al die pad teruggegaan. En wanneer sonde bely is en in die Bloed van Jesus Christus geval het, o, goeiste, dit gee 'n abstrak, weer reguit terug na die Skepper. Jy word 'n seun van God. Abstrakte titelakte word in die hande van die Almagtige gehou. O, goeiste!

63 Die verlossing beteken alle wettige besitting vir dit alles wat deur Adam en Eva verloor is. O, goeiste! [Broer Branham klap sy hande eenkeer.] Wat behoort dit te doen aan 'n wedergebore Christen! Sy wettige besit van daardie abstrakte akte, titelakte van die Ewige Lewe, beteken dat jy alles besit wat Adam en Eva verloor het. Sjoe! Wat daarvan, broer? Die besit van daardie akte!

Adam kon nie aan die vereistes van verlossing voldoen nie. Nadat hy gevind het hy het dit verloor, hy het gesondig en hy het homself van God geskei, was aan *hierdie* kant van die afgrond, so hy kon dit nie loskoop nie. Hy kon dit net nie doen nie, want hy—hy het verlossing nodig gehad, homself, so hy kon dit nie doen nie.

64 Maar die wet het 'n Bloedverwante Verlosser vereis. Die wet van God het 'n Bloedverwante Verlosser vereis. Julle wil dit neerskryf: "Bloedverwante Verlosser," vind dit in Levitikus 25.

Ons sal nie tyd hê om dit deeglik te ondersoek nie, want, julle weet, elke—elke teks sou 'n—'n aand vat. Sien?

Maar God se wet het 'n plaasvervanger ontvang. Nou, wat as God nie aangebied het om 'n plaasvervanger te vat nie? Maar liefde het Hom genoodsaak om dit te doen. Dat, die mens sonder 'n pad terug was, en daar's geen manier vir hom om terug te kom nie. Hy was weg. Maar die genade van God het hierdie Bloedverwante Verlosser ontmoet in die Persoon van Jesus Christus. Die wet het dit vereis.

Genade het aan sy vereistes voldoen. O, wonderlike genade, hoe soet die klank! God se wet het 'n onskuldige plaasvervanger vereis.

65 En wie was onskuldig? Elke mens is seksueel gebore, deur seks, elke een. En die enigste een wat nie was nie, het die regte op Ewige Lewe verbeur en om koning op die aarde te wees.

O, wanneer ek aan daardie Skrif dink: "Want U het ons verlos terug na God, dat ons mag regeer en konings en priesters op die aarde wees." O, goeiste! Wat? Die Bloedverwante Verlosser! O, wat 'n storie sal ons hier hê!

Let op, wet het vereis 'n Bloedverwante Verlosser om 'n verlore wese te verlos. Genade het aan hierdie vereiste voldoen in die Persoon van Jesus Christus. 'n Bloedverwant moet uit die menslike ras gebore word.

66 Nou, hoe kan ons wees, wanneer elke mens wat gebore is moet … En enigiemand wat nie kan sien dat dit 'n seksdaad daar was nie, wel, hy is totaal blind, sien, want elke mens wat gebore is was uit 'n vrou gebore.

En God het 'n Bloedverwante Verlosser vereis, en Hy moet 'n mens wees. O, goeiste! Wat gaan jy nou doen? Die wet vereis 'n Bloedverwante Verlosser.

Nou, Hy kon nie 'n Engel neem nie. Hy moes 'n man hê, want ons is nie familie van die Engel nie. Ons is familie van mekaar. Die Engel het nooit geval nie. Hy is 'n ander soort wese, het 'n ander liggaam. Hy het nooit gesondig of niks nie. Hy's anders.

Maar die wet het 'n Bloedverwante Verlosser vereis.

En elke mens op aarde is uit seks gebore. Nou, kan julle nie sien nie, dit is waar dit vandaan kom. Dis waar sonde begin het. So sien julle waar dit nou is? Daar kom hy, jou saad van die slang, in. Sien?

67 Nou, let op, het 'n Bloedverwante Verlosser vereis. En die Verlosser, Bloedverwante Verlosser, moet uit die menslike ras gebore word. Hier, dit los ons op 'n tak. Maar laat ek die Basuin vir julle blaas. Die maagdelike geboorte het die—die produk voortgebring. Amen. Die maagdelike geboorte het ons Bloedverwante Verlosser voortgebring. Niemand anders as die Almagtige God wat Emmanuel geword het, een van ons. Emmanuel! Die "Bloedverwante Verlosser" het verskyn . Sien julle hoe God 'n vereiste stel, en daar is niks wat ons kan doen nie. Maar dan tree genade in en oorskadu daardie wet, en produseer die produk. Amen! [Broer Branham klap sy hande een keer — Red.]

68 O, wanneer jy by die Huis kom! Wanneer ek my klein hutjie daar kry; waaroor Broer Neville sing. Wanneer julle almal iets daaronder hoor, een oggend, sing: "Ongelooflike genade, hoe soet die klank, wat 'n ellendeling soos myself gered het!" Jy sê: "Prys God! Ou Broer Branham het dit gemaak. Daar is hy, kyk." Ja. O!

Dis genade wat my hart geleer het om te vrees,
Dit was genade wat my vrese verlig het;
Hoe kosbaar het daardie genade verskyn
Die uur wat ek die eerste keer geglo het!

69 Wag totdat ons daarby uitkom, net binne 'n oomblik! O, goeiste! Nou kyk. Die Boek …

Die Boek van Rut gee 'n pragtige prentjie hiervan, hoe Boas … En Naomi het die besitting verloor. Julle, julle weet. Julle het my daaroor hoor preek, het julle nie? Steek julle hande op as julle my dit hoor preek het. So, julle verstaan, sien. Boas moes 'n verlosser word. En hy was die enigste een wat kon. Hy moes 'n bloedverwant wees, 'n nabye bloedverwant. En, deur Naomi te verlos, het hy Rut gekry. Dit was Jesus, Boas wat Christus getipeer het. En toe Hy Israel verlos het, het Hy die Heidense Bruid gekry. So dan, julle sien, so baie mooi! Ons het dit op band, ek is seker, hier iewers, as julle dit graag wil hê.

70 Nou let op, nou, Hy moet 'n Bloedverwant wees. So, julle sien, 'n Engel kon dit nie doen nie. 'n Man kon dit nie doen nie; dit moet 'n man wees, maar hy kan nie gebore word uit 'n vrou, 'n seksdaad nie. So, die maagdelike geboorte, die Heilige Gees het Maria oorskadu. Daarom, Jesus was nie 'n Jood nie. Jesus was nie 'n Heiden nie. Jesus was God. Dis presies. Sy Bloed het nie van enige seksdaad gekom nie. Hy was die heilige, geskape Bloed van God. En ons word nie gered deur Joodse bloed, ook word ons nie gered deur Heidense bloed nie. "Ons is gered deur die Bloed van God." Dis volgens die Bybel. Dit sê so. "Ons is gered deur …"

71 So, julle sien, Jesus was God. Hy was geen derde Persoon, vierde Persoon, tweede Persoon nie. Hy was die Persoon. Hy was God, sien. Hy was God, Emmanuel. God het neergedaal uit Sy Heerlikheid, Homself geopenbaar. Ek is lief vir daardie storie, van Booth-Clibborn, daardie wonderlike, pragtige gesang.

Vanaf Sy Heerlikheid, ewig lewende storie,

My God en Verlosser het gekom, en Jesus was Sy Naam.
Gebore in 'n krip, vir Sy eie 'n vreemdeling,
'n Man van droefheid, trane en pyn. O!
Watter waardigheid, bring ons verlossing;
In die dood van die nag, nie een hoop in sig nie;
God, kosbaar, teer, het Sy prag opsy gesit,
Gebuk om te wag en my siel te red.
O hoe lief het ek Hom! Hoe aanbid ek Hom!
My asem, my sonskyn, my alles in alles!
Die groot Verlosser het my Saligmaker geword,
Die groot Skepper het my Verlosser geword,
En al God se volheid woon in Hom.

72 Dis die Een wat aan die vereiste voldoen het. Genade het die Persoon van Jesus Christus voortgebring. En ons vind, hierdie Boek nou … God het Sy tent uitgestrek, van God gekom, om 'n mens te word. Hy het Sy stam verander, van die Almagtige, om 'n mens te wees; om die vorm van die mens aan te neem, sodat Hy kon sterf, om die mens te verlos. Wag totdat ons Hom sien, wanneer daar "niemand waardig" is nie. Sien? Goed.

73 In die Bybel, in die Boek van Rut, soos jy dit gelees het, sal jy uitvind, so 'n persoon is die "goel" genoem, g-o-e-l. Is die goel genoem, of, dit was 'n persoon wat aan die vereistes kon voldoen. En die goel moet in staat wees om dit te doen, moet gewillig wees om dit te doen, en moet 'n bloedverwant wees, naas bloedverwant, om dit te doen.

En God, die Skepper, van Gees, het verwant geword aan ons toe Hy mens geword het, sodat Hy ons sonde op Hom kon neem, en die prys betaal, en ons weer terugkoop na God. Daar is dit. Daar is die Verlosser.

74 Christus het ons nou verlos. Ons is nou verlos. Maar Hy het nog nie Sy besitting geëis nie. Nou, julle mag daarmee verskil, maar wag net 'n oomblik, sien. Ons sal sien. Sien? Hy het dit nie opgeëis nie. Sien? As Hy die Boek van Verlossing geneem het, alles wat Adam gehad en alles wat hy verloor het, verlos Christus terug. En Hy het ons alreeds verlos. Maar Hy het nog nie die besit geneem nie; Hy kan nie tot die vasgestelde tyd nie. En dan sal die opstanding kom, en dan sal die aarde weer hernu word. En dan sal Hy besit neem, Sy besitting wat Hy gekry het toe Hy ons verlos het, maar sal dit op die bestemde tyd doen. O, goeiste!

75 Dit word beskryf in hierdie Sewe-Seël Boek waarvan ons nou praat. Goed. Die Boek van Verlossing, dis alles hierin beskryf. Alles wat Christus aan die einde sal doen, sal hierdie week aan ons geopenbaar word, in die Sewe Seëls, as God ons sal toelaat. Sien? Goed. Dit sal geopenbaar word. En openbaar, soos die Seëls breek en aan ons vrygestel word, dan kan ons sien wat hierdie groot plan van verlossing is, en wanneer en hoe dit gedoen gaan word. Dis alles verberg in hierdie Boek van geheime hier. Dis verseël, met Sewe Seëls, en so is die Lam die enigste Een Wie hulle kan breek.

Nou … [Broer Branham se aandag word deur iets afgelei — Red.] Verskoon my. Ons besef …

Nou, as julle in die Skrifte wil kyk, kan julle in Jeremia gaan en daar dit vind. Toe hy —toe hy—hy in die gevangenskap van die land ingegaan het, julle weet, hy—hy het vir sy oom gekoop … Sy oom se seun het 'n —een of ander eiendom gehad, en hy het daardeur gegaan, geseël. En as ons dit alles vat … Ons het dit ook in die *Sewe Kerkeeue*, daardie seëls ensovoorts, daarin.

76 Julle sien, 'n seël, in die Ou Testament, was soos 'n rol, soos *die*. [Broer Branham gebruik nou velle papier om die rol, seël, en oopmaak van 'n boekrol te illustreer — Red.] En *hier* was 'n geheim, en hierdie geheim was verberg. Goed, dit is verseël en hier geplaas, die aanspraak van so-en-so. Dan, die volgende verborgenheid was gedraai rondom wat hierdie erfenis was, en het hier aan *hierdie* kant uitgesteek, die—die—die aanspraak van so-en-so. En het afgegaan totdat dit 'n boekrol gemaak het, want mense het nie *sulke* boeke toe gehad nie. Dit was in 'n rol, (hoeveel weet dit?) 'n boekrol genoem. Wel, 'n verseëlde boekrol, jy kan een *hier* losmaak, wat die geheim hiervan was, en dit afskeur, en jy kan sien wat daardie aanspraak was. En breek dan die ander een los, en jy kan sien wat daardie eis was.

77 En die hele ding Hier is Sewe Seëls, het die verborgenhede van God van die grondlegging van die wêreld af Daarin verseël, en geopenbaar deur sewe verskillende Seëls, dat, as dit God se wil is, laat Hy ons hierdie Seëls terugtrek en afkyk deur die Boek en vind uit waaroor Dit alles gaan. Sien? O, ek hoop ons het 'n wonderlike tyd! Daar is die verborgenheid van verlossing verseël totdat … Hierdie Boek kon nie oopgemaak word voor die laaste engel se Boodskap nie.

78 Die boekrol is daar. Ons het geweet Dit was daar. Ons weet dat Dit verlossing was. Ons het geglo Dit was verlossing. Jeremia het gesê: "Hierdie boekrol moet gehou word …" Soos jy dit daar lees, sal hy sê. Hy moet in 'n aardse houer gehou word. Sien? O, wat 'n pragtige ding daar waaroor ek kan praat, vir 'n

rukkie. Hierdie boekrol is in 'n aardse houer gehou, 'n houer wat eenmaal vlees geword het (halleluja), gesterf, weer opgestaan, en in die aardse houer gehou tot die tyd van die koop. O, goeiste! Pragtig! Goed.

Nou, hierdie Boodskappe word almal gehou tot, hierdie aardse vat, tot die tyd van God se bestemde tyd, met die laaste boodskapper op die aarde. En waaroor al hierdie mense geoordeel het, en gesê het: "Ek weet Dis daar. Ek glo Dis daar." En hulle het Daarvoor geveg, en Dit voortgebring en die dinge voortgebring. Deur geloof het hulle Dit geglo. Maar nou gaan Dit na ons gebring word in openbaring, en uit die hand van God deur bevestiging. God het so gesê. Hy het dit belowe.

79 Nou, nou laat ons sien. Waar, waar was ons? Laat ons nou na vers 2 gaan. Dis 'n lang tyd vir vers 1, maar laat—laat ons—laat ons vers 2 neem. Nou, ons sal waarskynlik nie so lank bly by die volgende een nie.

> *En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?*

Nou, onthou. Laat ons die 1ste vers weer lees, sodat ons dit agter mekaar kan kry

> …*En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit,* …

God! Wie is dit? Die absolute oorspronklike houer van die Boek van die Lewe. Hy hou Dit. God doen dit. Toe Adam dit verbeur het, het Dit teruggegaan na Sy oorspronklike Eienaar. Dit behoort aan Hom.

> En Johannes (in die visioen) het gekyk en *in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël.*

80 Kyk, binne! Nou, wanneer ons hierdie Seëls gaan oopmaak, gaan julle sien, Dit gaan reguit terug in die Skrif, die hele pad terug, vir elkeen van daardie Seëls. Die hele ding, saam, die hele verborgenheid, lê net hier in hierdie Seëls. Sien? Elke geheim van die Bybel lê in hierdie Seëls. [Broer Branham klop vyf keer op die preekstoel — Red.] En die Seëls kan nie gebreek word voor daardie tyd nie. Ek bewys dit hier, net binne 'n minuut.

81 Let op. Nou, die Boek, onthou, is verseël. Hier is een, hier is Dit, *hierdie* seël. Dan word 'n ander Een toegedraai, 'n Seël. 'n Ander Een is toegedraai, 'n Seël. Dis 'n Boek van Verlossing. En die hele ding, saam, maak die Boek, en Dis verseël met Sewe Seëls. En, dan, dis aan die agterkant, is omdat dit opgevou is. Die Seël geheim is aan die binnekant. En Dit sê net: "Die wit perd ruiter," of: "Die swart perd ruiter," en wat nog, aan die buitekant. Maar die geheim van die hele Boek is in daardie Seëls, van Génesis tot Openbaring. Die volledige plan van verlossing word geopenbaar in hierdie Sewe Seëls. O, dis 'n belangrike tyd. God help ons om Dit te kry! Sien?

82 Nou: "En 'n sterk engel …" Nou vers 2.

> … *die sterk engel,* het met 'n groot stem uitgeroep: *Wie is waardig* … ( Waardig vir wat?) *Wie is waardig om die* boek,* …

83 Nou vind ons uit. Waar is die Boek nou? Aan Sy oorspronklike Eienaar, omdat Dit verbeur is deur 'n seun, die eerste seun van God, in 'n menslike ras. En wanneer hy sy regte verbeur, om na Satan te luister, het hy opgee … Wat het hy gedoen? Hy het Satan se wysheid aanvaar in plaas van God se Woord. Nou, kan ons nie 'n rukkie hier stop nie! Seuns van God sal 'n teologiese skool idee Daaroor neem, in plaas van die Woord van God. Sien, dieselfde ding wat Adam gedoen het, het sy regte verbeur. En toe dit het, het dit reguit teruggegaan. Kan julle nie sien waar daardie tydperke was nie? Sien? Het reguit teruggegaan na die oorspronklike houer.

En Johannes, in die Gees, staan hierbo in die Hemel. Hy's nou net verhewe, van die kerk tydperke, sien, het die kerk tydperke gesien. En toe is hy opgeneem, in die 4de hoofstuk. Hy het gesê: "Kom hoër op. Ek gaan jou dinge wys wat sal kom."

84 En hy het Een sien sit op die Troon, met hierdie Boek in Sy hand, in Sy regterhand. Dink nou daaraan. En, toe, in hierdie Boek was 'n titelakte tot verlossing, en Dit was verseël met Sewe Seëls.

En toe het 'n Engel na vore gekom, 'n sterk Engel, wat met 'n groot stem uitgeroep het: "Wie is waardig om die Boek oop te maak; om die Boek te neem? Wie was in staat om die Seëls oop te maak? Wie was in staat om hierdie Boek oop te maak?" Sien, die Engel het dit gevra. Johannes het dit gesien. En Hy het gesê: "Nou, wie is waardig? Laat Hom …" O, goeiste! Miskien voel ek net dit, hierdie manier. "Maar laat Hom," het die Engel gesê: "laat Hom …" *Hier* is die Boek van Verlossing! *Hier* is die plan van verlossing! *Hier* is die enigste manier wat jy ooit verlos sal word, want *hier* is die titelakte tot verlossing van die hele hemele en aarde! "Laat Hom vorentoe kom, as Hy wil." O, goeiste! "Praat nou, of bly vir ewig stil. Laat Hom vorentoe kom en hierdie Boek opeis. Wie is waardig om dit te doen?"

En Johannes het gesê:

> Daar was *geen mens in die hemel* waardig bevind nie; geen mens *op aarde* waardig bevind nie; geen mens onder *die aarde*, wat ooit gelewe en gesterf het, is waardig bevind nie. Geen mens is waardig bevind nie.

85 Die Engel se oproep was 'n roep vir die Bloedverwante Verlosser om te verskyn. God het gesê: "Ek het 'n wet; 'n Bloedverwante Verlosser kan—kan 'n plaasvervanger wees. Waar is daardie Bloedverwante Verlosser? Wie is in staat om Dit te neem?"

En dit het van Adam gekom, die hele pad deur al die apostels, en profete, en alles anders, en niemand is gevind nie. Nou, wat daarvan? "Niemand in die Hemel, niemand op aarde, niemand wat ooit gelewe het nie." Elía het daar gestaan. Moses het daar gestaan. Al die apostels het daar gestaan, of—of almal wat gesterf het; al die heilige manne, Job, die wyses. Elkeen het daar gestaan, en niemand was waardig om selfs na die Boek te kyk nie, wat nog te sê om Dit te neem en die Seëls te breek.

Nou waar is die pous en almal van hulle waar het hulle ingekom? Waar is jou biskop? Waar is ons waardigheid? Ons is niks. Dis reg.

86 Hy het vir die Bloedverwante Verlosser gevra om na vore te tree, as Hy kon. Maar Johannes het gesê: "Niemand was waardig nie."

Nie dat daar nie waardige mense daar was nie, nou, soos 'n Engel nie; soos, byvoorbeeld, ons sou sê: Gabriël, of Michael. Maar, onthou, dit moes 'n Bloedverwant wees. Onthou, Johannes het hier gesê: "En geen m-a-n," nie Engel nie, nie Engelagtige wese nie. Hulle het nie gesondig nie, maar Hulle was in 'n ander kategorie. Hulle het nooit geval nie.

87 Maar hierdie moes 'n Bloedverwante Verlosser wees. "Geen mens," want daar was nie een van hulle verlos nie. "Geen mens was waardig om Daarna te kyk nie." O, nee! Goeiste, goeiste! So, dit het 'n menslike Bloedverwant geverg. En hy het daarvoor gevra, en Hy was nie gevind nie, nêrens. Daar was niemand nie. Geen biskop, geen aartsbiskop, geen priester, geen hiërargie, nee niks was eens … het nie eens genoeg heiligheid gehad om selfs na die Boek te kyk nie. Sjoe! Goeiste, goeiste! Dis baie sterk, maar dis wat die Bybel gesê het. Ek haal net aan wat Johannes gesê het.

Die Bybel het gesê dat Johannes "gehuil het."

88 Nie soos sommige mense dit geleer het nie. Ek het gehoor 'n man wat dit eenkeer onderrig het, gesê: "Johannes het geween omdat hy homself nie waardig gevind het nie." O! Enige mens onder die Heilige Gees sou anders as dit weet, sien; onder die inspirasie van God, sou anders weet as dit.

89 Maar, Johannes "het gehuil." Hier is waarvoor ek dink hy geween het. Want, as niemand waardig was en hierdie Boek van Verlossing kon oopmaak nie, was die hele skepping verlore.

*Hier* is die Boek, *hier* is die titelakte, en Dit sal aangebied word aan die Bloedverwante Verlosser wat aan die kwalifikasies kan voldoen. Dis God se Eie wet, en Hy kan nie Sy wet onteer nie, kan nie Sy wet uitdaag nie, liewer. Sien? God het 'n Bloedverwante Verlosser vereis Wie waardig was, Wat in staat was om dit te doen, Wat die vermoë gehad het om dit te doen.

En die Engel het gesê: "Nou laat daardie Bloedverwante Verlosser vorentoe tree."

En Johannes het gekyk. En hy het oral oor die aarde gekyk. Hy het onder die aarde gekyk. En daar was niemand nie. Daar, die skepping en die alles was verlore. Natuurlik, het Johannes gehuil. Alles was verlore.

Sy huil het egter nie net 'n minuut geduur nie. Toe het daar een van die ouderlinge gestaan, gesê: "Moenie ween nie, Johannes." O, goeiste! Sy geween het nie eers 'n minuut geduur nie.

Johannes het gedink: "O, goeiste, waar is die Man? Daar staan die profete; hulle is gebore soos ek was. Daar staan die wyses. Daar staan … O, is daar niemand hier nie?"

90 "Ek wil 'n Man hê wat in staat is om dit te doen. Ek wil 'n Man hê wat kan verlos."

En hy is nie gevind nie, Johannes was gebroke. O, alles was verlore; en hy het bitterlik geween. En hy—hy was treurig, want alles, die hele skepping, alles was weg, as hulle nie iemand kon kry nie. Glorie aan God! As hulle nie iemand kon vind wat aan daardie vereistes kan voldoen nie, daar … elke mens, en die hele wêreld en skepping, was weg. O, alles het geval. Die—die—die regte van verlossing, die regte van—van die Ewige Lewe, die Lig, al hierdie regte is verbeur, en daar was niemand wat die prys kon betaal nie. En Johannes begin huil, want niemand was waardig nie, en niemand kon eens na die Boek kyk nie. O, dit het 'n menslike wese geneem. Johannes het geween, want niemand kon dit doen nie, en alles was verlore.

91 En daar het 'n stem gekom van een van die ouderlinge, wat in die midde van die vier Lewende Wesens en al daardie groot leër van die Hemel gestaan het, het gesê: "Moenie ween nie, Johannes." O, goeiste!

[Broer Branham klap sy hande twee keer — Red.] Genade van God!

"Moenie gebroke van hart wees nie, Johannes. Moenie ween nie. Want die Leeu van die stam van Juda, die Stam en Nageslag van Dawid, Hy het oorwin."

*Heers* beteken "worstel met, en oorwin." O, goeiste! Die tuin van Getsémane, toe Bloed uit Sy gesig geval het, het Hy oorwin. Sien? Sjoe! Sien?

"Die Leeu, en die Stam van Dawid, het oorwin, het die oorhand gekry."

92 Soos Jakob, wat onderkruiper was. En toe hy in kontak gekom het met die Engel, het hy vasgehou. En die Engel het probeer wegtrek. Hy het gesê: "Ek—ek gaan U net nie laat gaan nie." Hy het vasgehou totdat hy gekry het wat hy wou hê. En sy naam is verander, van *onderkruiper*, wat "bedrieër" beteken. Na wat? Na "'n prins met God," Israel. Hy het oorwin.

93 En hierdie Leeu van die stam van Juda het oorwin. Hy het gesê: "Moenie ween nie, Johannes. Want die Leeu van die stam van Juda, die Stam van Dawid, het oorwin. Hy het alreeds oorwin. Hy het dit gedoen. Dis verby, Johannes." Sjoe! O, o, goeiste! Hy het 'n bleikmiddel geproduseer wat sonde terugstuur na die vetterige hande wat die … met sy wysheid, wat dit besoedel het, die mens. Ja.

94 Maar toe Johannes omgedraai het om te kyk, het hy 'n Lam gesien. Wat 'n verskil van 'n Leeu! Hy het gesê: "Die Leeu het oorwin." Sien, weer, ek kan dit daar gebruik, God verberg in eenvoud. Hy het gesê: "Daar's 'n Leeu." Dis die koning van die dier. "Die Leeu het oorwin." Die sterkste ding wat daar is, is 'n leeu.

Ek het gelê in die oerwoude in Afrika, en die—hoor die kameelperde grom. En—en die groot, magtige olifant, met sy slurp in die lug: "Trompetter." En hoor die—die—die wild van die woestyn wat hulle bloedige krete skree, gestremde krete. En die—die kewers, tot … En ek en Billy Paul het gelê in 'n klein ou plekkie bedek met klitsgras. En hoor, ver weg in die verte, 'n leeu brul, en alles in die woestyn bly stil. Selfs die kewers hou op skree. Die koning praat. O, o, o, o, o, goeiste!

Ek sê vir julle, dis wanneer denominasies en twyfel op die grond val. Alles word stil wanneer die Koning praat. En *Hierdie* is die Koning, dis Sy Woord. O!

95 Hy het gesê: "Johannes, moenie bekommerd wees nie. Moenie huil nie. Moenie bedroef word nie, Johannes. Ek het jou hier in die visioen; Ek wys jou iets. En ek weet jy is ontsteld, want, jy weet, daar's niks om verlos te word nie, alles is weg; daar's niemand wat aan die vereiste kan voldoen nie. Maar die Leeu van die stam van Juda …"

Jy weet, Juda se … Ons het dit gehad, en op die swartbord hier, julle onthou. Die stam van Juda, embleem, was 'n leeu.

Onthou, die leeu, en die—en die os, en die … ensovoorts, die hoof van die mens, ensovoorts. En hulle wat kyk, daardie Engelagtige wesens, daardie Woord; terwyl almal, Markus, Matthéüs, Lukas en Johannes, almal rondom die Boek van Handelinge gestaan het.

96 En ek het 'n man hoor sê, 'n groot prediker, gesê: "Die Boek van Handelinge is net die stut werk."

Dit was die eerste Loot wat die heilige Kerk ooit voortgebring het. Uh-huh! Ja, meneer. En as Sy ooit nog een na vore bring, sal dit ook daardie soort wees. Ja, meneer! Jy het 'n paar geënte lote, en hulle dra suurlemoene. Dit behoort lemoene te wees. Maar … Sien? Wanneer daardie Loot—daardie Loot ooit weer Sy tak voortbring, sal Dit net presies soos die oorspronklike wees.

En Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes, daardie Evangelies staan daar en bewaak Dit. Die wysheid van 'n man; die krag van 'n leeu; die werk van 'n os; en die ratsheid van die luiperd … of die arend, liewer. Ja, die Evangelies wat daar staan! Wat? Onthou julle toe ons dit gehad het? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Dis in die *Sewe Kerk Tydperke*.

Nou hy het gesê: "Die Leeu van die stam van Juda."

97 Hoekom uit Juda? "O Juda, 'n wetgewer sal nie voor dit gaan, tussen sy knieë, totdat Shiloh kom nie. Maar Hy sal deur Juda kom."

"En die Leeu, die simbool van die stam van Juda, het oorwin. Hy het oorwin."

En toe hy rondgekyk het om te sien waar daardie Leeu was, het hy 'n Lam gesien. Vreemd, soek na 'n Leeu en sien 'n Lam. Die ouderling het Hom 'n Leeu genoem. Maar toe Johannes gekyk het, het hy 'n

Lam gesien: "'n Lam soos Dit doodgemaak is van die grondlegging van die wêreld af." 'n Lam wat doodgemaak is. Wat was dit? Wat was daardie Lam? Dit was bebloed, gewond. "'n Lam wat doodgemaak is, maar was weer lewendig." En Hy was bebloed. O, goeiste!

Hoe kan julle Daarna kyk, mense, en 'n sondaar bly?

98 'n Lam het opgestaan. Die ouderling het gesê: "'n Leeu het oorwin, die Leeu van die stam van Juda." En Johannes het gekyk om die Leeu te sien, en daar kom 'n Lam, wat bewe, Bloed op Hom, wonde. Hy het oorwin. Jy kon sê Hy was in 'n stryd. Hy was doodgemaak, maar Hy was weer lewendig.

99 Johannes het nie voorheen hierdie Lam opgelet nie, julle weet, hier. Dit was nie tevore genoem nie. Nêrens was Dit genoem nie. Johannes het Dit nie gesien nie, regoor die Hemele, soos hy gekyk het. Maar hier kom Dit na vore.

Let op waar Dit vandaan gekom het. Waar het Dit vandaan gekom? Dit het van die Vader se Troon gekom, waar Hy gesit het vandat Hy dood was en weer opgewek is. "Hy het opgestaan en aan die regterhand van God gesit, lewe altyd om voorspraak te maak." Amen. Opgerig daar, vandag, as 'n Middelaar, met Sy Eie Bloed, om voorspraak te maak op die onkunde van die mense. Nou, dis die Een waarop ek staatmaak. Hy was steeds bedek met bleikmiddel, die bleikmiddel van die vergifnis van sonde.

100 Johannes het na daardie Lam gekyk, en die Lam het gelyk asof Hy gesneuwel het. En toe het hy opgelet Hy was gewond, en gesny, en gekneus, en bloei. 'n Bloedige Lam, dis wat ons plek ingeneem het. Is dit nie vreemd nie, 'n eenvoudige Lam moes ons plek inneem? En hy het die Lam gesien. Hy het uitgegaan.

Johannes het Hom nie gesien nie want Hy was ver terug in die Ewighede, doen selfs bemiddeling; en getoon dat hulle wat na God gekom het, onder die offer van die bloed van die bulle, of bokke, 'n plaasvervangende offer, Hy het ook … Want, hulle wat dit geglo het, het na Hom gewys. En die Bloed was nog nie gestort nie, so Hy was daar om hulle skoon te maak. Hy was daar om jou en my skoon te maak.

101 En, O God, ek hoop Hy is daar vanaand. Vir elke sondaar, is die Lam geslag. Hoe kan Jehova enigiets sien behalwe daardie bebloede Lam wat daar staan!

En die Lam het gegaan in die visioen nou, soos Dit doodgemaak is. Let op, kom van die Vader se Troon. O, dink net! Hy, waar het Hy vandaan gekom, na hierdie visioen? Hy kom uit die Heerlikheid, waar Hy sit aan die regterhand van God. Hy het gegaan, na Johannes, uit die Heerlikheid.

O, sou dit nie 'n glorieryke ding wees as ons sondige gedagtes, vanaand, lank genoeg opsy gesit kan word om Hom te aanvaar nie, en Hy sou kom die hele pad van Heerlikheid af, vanaand, om Homself bekend te maak aan enige van julle!

102 Die Lam wat voortkom van Heerlikheid, vir bemiddeling, goed, om nou aanspraak te maak op Sy verlossing! Onthou, Hy was *hier* met Sy middelaars werk. Maar, onthou, hierdie Seëls is gereed om oopgemaak te word, en die Lam kom uit die heiligdom van God, vorentoe gevorder.

Wag tot ons daar oorkant kom, daardie een uur, daardie "een halfuur" wat Dit stil is. Die heiligdom smeul. Daar is nie meer bemiddeling nie. Die Offer het weggegaan. Dis 'n Oordeel Bank. Daar is geen Bloed meer daarop nie, want die Bloed-bedekte Lam het weggestap. Moenie wag tot daardie tyd nie. Onthou in die Ou Testament? Solank die bloed van die genade plek af was, was dit oordeel; maar solank as wat die bloed daar was, was daar genade. [Broer Branham klop vyf keer op die preekstoel — Red.] Maar toe die Lam weggestap het, dit het dit gedoen!

103 Wat was Hy? Hy was 'n Bemiddelaar. Geen ander persoon nie! Sê vir my waar Maria dan voorspraak kan maak. Wat kon Maria bied? Wat kon Sint Francis, Sint Assisi, of enige, en Sint Cecilia, liewer, of enige ander mens? Johannes het nooit 'n duisend heiliges uit die bemiddelaar sien kom nie. "Hy het 'n Lam gesien, 'n Lam wat geslag is, bebloed." Ek gee nie om hoeveel heiliges doodgemaak is nie; dit het almal toegekom, elkeen van hulle. Soos die dief by die kruis gesê het: "Ons het gesondig, en dit kom ons toe. Maar hierdie Man het niks gedoen nie." Hy was die enigste Man wat waardig was.

104 Hier kom Hy, uit die bemiddelings plek. Waarvoor kom Hy nou? Hou Hom dop! O, o, o, goeiste! [Broer Branham klap sy hande drie keer — Red.]

Johannes het geween. Waar is dit alles—wat? Wat gaan gebeur?

Gesê: "Moenie ween nie, Johannes," het die ouderling gesê. "Hier kom die Leeu. Hy was die Een wat oorwin het." Toe hy gekyk het, hier kom 'n Lam, bebloed, wat dood gemaak is.

Enigiets wat doodgemaak word is bebloed. Julle weet, dis doodgemaak. Sy nek is oopgekap, of iets. Die bloed is oraloor.

105 Hier was 'n Lam, wat dood gemaak is. En Hy het na vore gekom, o, goeiste, (wat?) om Sy aansprake op Sy verlossing te maak. Amen. O! O! Ek … Voel julle nie om net in 'n hoek te gaan, te gaan sit en huil 'n rukkie nie? Hier kom 'n Lam, steeds bebloed. Johannes … Daar was niks daar nie; al die beroemdes het rondgestaan, maar daar was nie een van hulle wat dit kon doen nie. So, hier kom die Lam, nou. Sy voorbidding dae is verby, die bemiddelaar dae.

Dis wanneer hierdie Engel daar gaan staan. Wag tot ons in die Seëls gaan. "En tyd sal nie meer wees nie." Dis reg. Daardie "halfuur van stilte." Kyk wat gebeur in daardie halfuur van stilte, met daardie Sewende Seël, volgende Sondagaand, as die Here wil.

106 Hy kom na vore (wat?) om nou Sy aansprake op te neem. O, goeiste! Kom na vore om Sy aansprake te neem! Nou, Hy het die Bloedverwant werk gedoen. Hy het afgekom, Mens geword, gesterf. Hy het die Bloedverwant werk van verlossing gedoen, maar het nog nie Sy eis gevra nie. Nou Hy kom op die toneel om Sy regte op te eis, (kyk wat gebeur) o, goeiste, waarvoor Hy doodgemaak is, as 'n Bloedverwant van die mens, om in sy plek te sterf, om hom te verlos. Maar, die ouderling was reg toe hy gesê het Hy was 'n "Leeu," sien. Die ouderling het Hom genoem, gesê, 'n "Leeu." Want, Hy was 'n Lam, 'n Bemiddelaar, 'n bebloede Lam, maar nou kom Hy uit as 'n Leeu. Sy dae van bemiddeling is verby.

"Laat hom wat vuil is steeds vuil wees. Laat hom wat regverdig is, steeds regverdig wees. Laat hom wat heilig is, steeds heilig wees." Die ding is gesluit. O, broer! Wat dan? Wat dan?

107 En, onthou, dit kom by die sewende kerkeeu, wanneer die verborgenhede van God oopgemaak sal word. Nou kyk baie goed. Dit is iets wat jy moet kry. Nou, Hy het Sy bemiddelaars werk gedoen, bemiddeling gedoen vir die gelowige. Vir tweeduisend jaar was Hy daar, 'n Lam. Nou stap Hy voort uit die Ewigheid, om die titelakte Boek te neem, en om die Seëls te breek, en die verborgenhede te openbaar. Wat van dit? In die endtyd.

Begryp julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Goed, ons sal dan voortgaan.

Nou, breek die Seëls en laat al die verborgenhede vry aan hulle, aan die sewende engel, wie se Boodskap is om al die verborgenhede van God te openbaar. Die verborgenhede van God lê in hierdie Sewe Seëls. Sien? Dis wat Hy hier gesê het. Al die geheime lê in hierdie Sewe Seëls.

108 En die Lam kom nou voort, van 'n Bemiddelaar tussen God en mens. Hy word 'n Leeu. En wanneer Hy 'n Leeu word, neem Hy die Boek. Dis Sy regte. God het Dit gehou, die geheim, maar nou kom die Lam.

Niemand kon die Boek neem nie. Dis steeds in die hande van God. Geen pous, priester, wat ookal is nie, hulle kan nie (nee) die Boek neem nie. Die Sewe Seëls is nog nie geopenbaar nie. Sien?

Maar wanneer, die Bemiddelaar, wanneer Sy werk gedoen is as 'n Tussenganger, kom Hy voort. En Johannes … Die ouderling het gesê: "Hy's 'n Leeu." En Hy kom na vore. Hou Hom dop. O, goeiste! Sien? Hy kom na vore om die Boek te neem, nou kyk, om die geheime van God te openbaar, waaroor ander geraai het, in al hierdie denominasionele tydperke.

Sien, dan, die sewende engel. As hierdie Boek, geheime, die Woord van God is, moet die sewende engel 'n profeet wees, dat die woord van God na hom kan kom. Geen priesters, pouse, of enigiets anders, kan Dit kry nie; die Woord kom nie na sulkes nie. Die Woord van God kom slegs na 'n profeet, altyd. Maleági 4 het dit belowe. En wanneer hy na vore kom, sal hy die geheime van God neem, waar die kerk so deurmekaar geraak het in al hierdie denominasies: "En die Geloof van die kinders terugbring na die vaders." En dan sal die wêreld oordeel gebeur, en die aarde sal verbrand word. En dan sal die regverdiges uitstap oor die as van die bose, in die Millennium.

Verstaan julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Goed.

109 Ander het geraai, in die denominasionele tyd. Maar, sien, hy moet hierdie man wees, die sewende engel van … Openbaring 10:1-4 is 'n … Aan die sewende engel word die geheime van God gegee, en voltooi al die geheime wat agtergelaat is, deur die denominasionele tye.

Nou kan julle sien waarom ek nie my broers aanval in denominasie nie. Dis die stelsel van denominasie! Hulle weet nie, dit is nie nodig dat hulle Dit probeer weet nie, want Dit kan nie geopenbaar word nie. Dis volgens die Woord. Hulle het Dit veronderstel, en geglo Dit was daar, en het deur geloof Daarvolgens gewandel, maar nou is Dit duidelik bewys. Amen. O, goeiste, wat 'n—wat 'n Skrif!

110 Nou kyk. Dan is dit Hy, die Lam, wat Sy Koningsposisie inneem, wanneer Sy heiliges kom om Hom te kroon: "Heer van here, en Koning van konings." Sien?

Sien: "Tyd het uitgeloop." Openbaring 10:6: "Daar is nie meer tyd nie."

111 Let op, daar is "sewe horings" op hierdie Lam. Het julle dit opgelet? "Het sewe horings." Ons is pas daardeur. *Horings* beteken "mag," vir die dier. En, let op, Hy was nie 'n dier nie, want Hy het die Boek

geneem uit die regterhand van Hom wat op die Troon gesit het. Sien? Let op. O, goeiste!

Ek glo ek het dit iewers neergeskryf; o, om die Seëls te breek, en om die titel los te maak, die titelakte, en die—die Boodskap aan die laaste engel. En Hy neem Sy Koninglike plek in. Dis wat Hy nou na vore kom om te doen.

Nou kyk, wanneer Hy uitkom: "Die sewe horings."

Nou, toe hy hierdie Lam gesien het, Johannes wat daarna kyk, Dit—Dit het gelyk asof Hy doodgemaak is, bebloed. En Hy het uit die Ewigheid gekom, en Hy het opgehou om 'n Bemiddelaar te wees.

Bid dan tot Maria soveel as wat jy wil! "Daar was geen mens in die Hemel, en op aarde, of geen persoon, geen wese nêrens anders, kon dit vat nie." Johannes het selfs daaroor geween. O, Katolieke vriend, kan jy dit nie sien nie? Moenie tot een of ander dooie persoon bid nie.

112 Die Lam is die enigste Bemiddelaar. Sien? Hy was die Een wat voortgekom het. En wat het Hy nou gedoen? Hy is terug hier besig om te bemiddel, tot Sy Bloed vir elke persoon versoen het. En die Lam, nou, weet wat in die Boek geskryf is. So, Hy het geweet van die grondlegging van die wêreld af hulle name was Daarin, so Hy het agter gestaan en her- … en—en, maar, bemiddelaar werk gedoen soos hierdie tot … bemiddelings werk, totdat elkeen wat in die Boek gesit is verlos is, en dis klaar. En nou loop Hy uit. Sien? Hy het Sy Bloedverwant werk gedoen. Hy is alles … Julle weet wat die Bloedverwant werk was? Om voor ouderlinge te getuig. Onthou julle Boas het sy skoen uitgeskop, ensovoorts? Hy het dit alles nou gedoen.

113 Nou kom Hy om Sy Bruid te vat. Amen. Hy kom nou as Koning. Hy kyk uit vir Sy Koningin. Amen. Amen. In hierdie Boek is die hele geheim Daarvan, toegedraai rondom, Sewe Seëls. O, broer! Sewe Seëls, wat wag vir Hom. Let op.

Laat ons hierdie simbole kry. Wel, dis nou nege-uur. Ons het drie ure of meer, om te gaan. Ons het … laat ons net … Satan hou aan om vir my te sê die mense raak moeg, so ek neem aan hulle is. Maar laat —laat ons dit vat, in elk geval.

114 "Sewe horings" was die sewe kerke, sien, die sewe kerkeeue, want dit was die Lam se beskerming. Wat Hy Sy regte mee beskerm het, op aarde, was 'n God-gestuurde Groep mense wat beskerm het; sien, die horing op die Lam.

"Sewe oë" is die sewe boodskappers van die sewe kerk tydperke. "Sewe oë," sewe sieners.

115 Wil julle graag 'n Skrif neerskryf? Laat ons net daarheen blaai. Wat sê julle, het julle genoeg tyd? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Goed. Laat ons na Sagaria gaan, die Boek van—van Sagaria, net 'n bietjie, en ons sal—ons sal 'n gedeelte hiervan lees.

Ek—ek wil julle nie te lank hou met hierdie dinge nie. En—en ek … Maar, tog, ek wil nie hê julle moet dit mis nie. Wat is enigsins belangriker as dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ja. Wat meer is … [Iemand in die gemeente sê: "Broer Branham?"] Wat? ["Jy meet dit nie."] Niks belangriker as Ewige Lewe vir 'n persoon nie. En ons moet—ons moet dit nou kry, en—en seker wees dat ons dit kry. Goed. Goed, meneer.

116 En nou wil ons Sagaria die 3de hoofstuk lees. Ek dink dis reg, nou, Sagaria 3. Ons gaan net hierdie simbole hier kry, as ek my Skrifte neergeskryf het. Ek het net oor die plek geskree, vanmiddag, toe ek dit gekry het. So ek—ek weet net nie of ek dit reg het, of nie. Ek hoop ek het. Sagaria 3, laat ons kyk of dit is … ek het 89 hier, maar dit moet 8 tot 9 wees. Goed. Goed. Ek weet dit kan nie 89 wees nie. Sagaria 3:8 en 9.

> *Luister tog, o Josua, jy wat die hoëpriester is, jy en jou vriende wat voor jou sit- ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal my Kneg, die Spruit, laat kom!* (Christus).
>
> *Want kyk, die steen wat Ek voor Josua neergelê het- op die een steen is daar sewe oë; kyk, Ek sal sy graveersel graveer, spreek die HERE van die leërskare, en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg.*

117 Nou laat ons blaai na Sagaria 4:10, 4:10. Luister.

> ...*Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe- die oë van die HERE wat die ganse aarde deurloop- met blydskap die skietlood aanskou in die hand van Serubbabel?*

"Die sewe oë." Oë beteken "sien." Sien beteken "profete, sieners." Hierdie Lam het sewe horings gehad, en het op elke horing 'n oog gehad: "sewe oë." Wat is dit? Christus en Sy Bruid; sewe kerk tydperke. Daaruit was sewe profete wat uitgegaan het, sewe sieners, oë. So, die laaste een moet 'n

siener wees. [Broer Branham het twee keer op die preekstoel geklop terwyl hy gesê het: "'n siener." — Red.] Goed.

118 Let op, Hy is nie 'n dier nie. "Hy het die Boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die Troon sit." Wie was Dit? Die—die Eienaar, die oorspronklike Eienaar, wat die Boek van Verlossing in Sy regterhand gehad het. En geen Engel, geen Engelagtige Wese, niks anders, kon die plek inneem nie. "En hierdie bebloede Lam het uitgestap en die Boek uit Sy hand geneem." Sjoe! Wat was dit? Broer, dit is die mees hoog verhewe ding in die Skrif. Amen. 'n Daad wat nie 'n Engel, niks, kon dit doen nie. "En die Lam het gekom en Dit geneem uit die regterhand van Hom wat op die Troon sit."

119 Wat is dit? Nou behoort Dit aan die Lam. Amen. God se wette vereis dit. Hy's die Een wat Dit hou. God se wet het 'n Bloedverwante Verlosser vereis. En die Lam het uitgekom, Dit vasgehou: "Ek is hulle Bloedverwant. Ek is hulle Verlosser. Ek nou … Ek het bemiddeling gedoen vir hulle, en nou het ek gekom om hulle regte vir hulle op te eis." Amen. Daar's die enigste Een. "Ek het gekom om hulle regte op te eis. Daarin het hulle 'n reg op alles wat in die val verloor is, en ek het die prys betaal."

O, broer! Sjoe! Laat dit jou nie binne godsdienstig voel nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] "Nie deur goeie werke wat ons gedoen het nie, maar deur Sy genade."

O, wag 'n oomblik! En daardie ouderlinge en almal begin hulle krone afgooi, en hooggeplaastes begin om op die grond te gaan, sien.

Niemand, niemand kon dit doen nie.

120 En Hy stap reg op na die regterhand van God, en het die Boek uit Sy hand geneem, en Sy regte opgeëis. "Ek het vir hulle gesterf. Ek is hulle Bloedverwante Verlosser. Ek is. Ek is die Bemiddelaar. My Bloed is gestort. Ek het Mens geword. En ek het dit gedoen om daardie Kerk weer terug te kry, die Een wat ek voor die grondlegging van die wêreld gesien het. Ek het Dit beplan. Ek het Dit gespreek, Dit sal daar wees. En niemand was in staat om Dit te neem nie, maar ek het afgegaan en dit gedoen, Myself. Ek is hulle Bloedverwant. Ek het familie geword." En Hy neem die Boek. Amen!

O, Wie wag Daar vir my vanaand? Wie is daardie Een, kerk, wat Daar wag? Wat anders kan Daar vir jou wag? Daardie Bloedverwante Verlosser! O, goeiste! Wat 'n verhewe stelling, of daad!

121 Nou het Hy die titelakte tot verlossing. Hy het Dit in Sy hand. Bemiddeling is nou gedoen. Hy het Dit in Sy hand. Onthou, Dit was in die hand van God, die hele tyd, maar nou is Dit in die hand van die Lam. Kyk nou. Die titelakte van verlossing, van die hele skepping, is in Sy hand. En Hy kom om Dit terug te eis, ook, vir die menslike ras. Nie Dit terug te eis vir Engele nie. Teruggeëis vir die mens, waarvoor Dit gegee is, om weer seuns en dogters van God te maak; hulle terug te bring na die tuin van Eden, alles wat hulle verloor het; die hele skepping, die bome, die dierelewe, alles anders. O, goeiste!

122 Laat dit jou nie goed voel nie? Sjoe! [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ek het gedink ek was moeg, maar ek is nie nou nie. Sien? Soms dink ek ek word—raak te oud om te preek, en dan begin ek so-iets te sien, en ek dink ek is weer 'n jong man. Ja. Uh-huh. Hum! Dit doen iets aan jou. Sien?

Want ek weet dit, dat daar Iemand Daar is wat vir my wag. Daar is Iemand wat die prys betaal het wat ek nie kon betaal nie. Dis reg. Hy het dit vir my gedoen, Charlie. Het dit vir jou gedoen. Hy het dit vir die hele mensdom gedoen. En nou kom Hy na vore om Sy verlossingsregte op te eis. Eis dit vir wie? Nie vir Homself nie; vir ons. Hy is een van ons. Hy is ons familie. O, goeiste! Hy is my Broer. Hy is my Verlosser. Hy is my God. Hy is my Bloedverwante Verlosser. Hy is alles. Want wat was ek sonder Hom, of wat kan ek sonder Hom wees? So, sien, Hy is my Alles. En Hy staan Daar as ons familie. En Hy het vir ons ingetree tot nou toe, tot op hierdie tyd. En nou kom Hy na vore en neem die Boek van Verlossing, om Sy regte op te eis, van wat Hy vir ons gedoen het.

123 Hulle sterf. Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, al is hy dood, tog sal hy lewe. Wie ookal lewe en in My glo, sal nooit sterf nie. Hy wat My vlees eet en My Bloed drink het ewigdurende Lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag."

Maak nie saak, al raak hy aan die slaap in die eerste wag, tweede, derde, vierde, vyfde, sesde, of sewende, waar hy ookal aan die slaap raak. Wat sal gebeur? Die basuin van God sal weerklink. Daardie laaste basuin sal blaas, dieselfde tyd wat die laaste engel sy Boodskap gee en die laaste Seël oopgemaak is. Daardie laaste basuin sal weerklink, en die Verlosser sal na vore kom om Sy verloste besittings te neem, Sy Kerk, Bloedgewas.

124 Nou, o, die hele skepping lê nou in Sy hand, waarop die hele plan van verlossing verseël is deur sewe geheimsinnige Seëls, in hierdie Boek wat Hy geneem het. Nou kyk. "En Hy alleen kan Dit openbaar aan wie Hy ookal wil." Hy het Dit in Sy hand, sien. Nou, Hy het belowe dit sal op daardie tyd wees, nou, want Dit is verseël deur Sewe Seëls van verborgenheid, die Boek van Verlossing. Nou kyk. Soos nou …

Vriende, ek het julle gesê, ek gaan julle uitlaat om agt-dertig, maar ek het drie of vier bladsye hier uitgelos, om hierby uit te kom. So ek wil … Ek is alreeds na nege. Sodat julle môre kan terugkom.

125 Maar nou in hierdie sewevoudige Boek van Seëls, van verlossing, wat die Lam geneem het, in Homself, was die enigste Een Wat dit kon doen. En Hy het Dit geneem uit die regterhand van Hom wat op die Troon gesit het, nou, om Sy verlossing op te eis, om Sy regte op te eis. Om te eis, vir my en jou, waarvan Hy ons verlos het, om, sien, terug na alles wat Adam verloor het in die tuin van Eden. Hy het ons verlos terug na dit.

126 Nou met die Lam, met die Boek in Sy hande, is ons gereed om Sy genade en barmhartigheid te vra, om die Sewe-Seël Boek vir ons oop te maak, en laat ons verby die gordyn van die tyd kyk, net 'n bietjie. O, goeiste! Let op toe Hy die Boek geneem het, die titelakte, verseël, (hou dit nou net in jou gedagte), en die Seëls van die geheim gebreek het, om hulle te openbaar, om hulle te bring na Sy, sien, al Sy verloste onderdane.

Nou, wanneer ons dit in die Seëls vind, gaan ons daarheen gaan en daardie siele onder die altaar sien, roep: “Here, hoe lank, hoe lank?”

127 En hier is Hy as 'n Bemiddelaar, by die altaar: “Net 'n bietjie langer, totdat daar meer is soos jy wat moet ly.”

Maar nou kom Hy van hier af, met hierdie laaste Seël. Hy is nie meer Bemiddelaar nie. Hy is nou Koning. En wat doen Hy? As Hy 'n Koning is, moet Hy onderdane hê. En Sy onderdane is hulle wat Hy verlos het, en hulle kan nie voor Hom wees voordat Hy die regte van verlossing neem nie. En nou loop Hy aan, van 'n Bemiddelaar; waar dood ons in die graf geplaas het, kom Hy na vore met die regte. Amen.

“En selfs hulle wat lewe en bly tot Sy Koms, sal nie dié hinder wat slaap nie. Want die trompet van God sal weerklink, met daardie laaste basuin.” Wanneer die laaste Seël gebreek is, en wanneer die sewende engel sy Boodskap gee: “Sal die laaste basuin weerklink, en die dooies in Christus sal opstaan. En ons wat lewe en oorbly sal saam met hulle weggeraap word, om Hom in die lug te ontmoet.” Hy kleim! Hy het nou na vore gekom om Sy—Sy besitting op te eis.

Kyk! Kyk hierna! Goeiste! Die Seëls gebreek, die geheime geopenbaar. Hulle geopenbaar (waar?) aan die laaste kerk tydperk, die enigste een wat lewe. Die res van hulle slaap.

128 Hy het gesê: “As Hy kom in die eerste wag, tweede wag, derde wag, af tot die sewende wag.” In die sewende wag, het daar 'n—'n bevel uitgegaan, of 'n oproep, “Kyk, die Bruidegom kom!”

En toe dit het, het die slapende maagd, die nominale kerke, gesê: “O, julle weet, ek—ek glo ek wil graag daardie Heilige Gees hê.” Het julle opgelet die Presbiteriane en Episkopaliërs? Het julle my Boodskap in Phoenix gehoor, aan daardie manne wat daarbo gestaan het, in die *Voice* en daar, wat sê … Wel, wat is die probleem met hierdie outeur, wat sê: “Heilige Vader So-en-so”? Wanneer, die Bybel gesê het: “Noem niemand, 'Vader,' soos daardie nie.” Sien, hulle slaap saam met hulle, dis die rede, maar toe hulle na vore gekom en gesê het: “Ja, ons glo.”

129 'n Vrou het pas 'n ander vrou geskakel, gesê: “Jy weet, ek's Episkopaal.” Het gesê: “Ek—ek—ek het in tale gepraat, nou die dag. Ek glo ek het die Heilige Gees ontvang, maar, shhh, moet niemand vertel nie.” Ek betwyfel dit baie. Jy mag in tale gepraat het. Maar, jy het 'n man aan die brand gemaak, hoe gaan hy stilsit? Dis reg. Sien? Sien? Kan dit nie doen nie.

Kan julle julle voorstel Petrus, Jakobus, en Johannes, en hulle bo in die bovertrek, wat sê: “O, ons het nou die Heilige Gees, maar miskien moet ons liewer net stilbly”? Broer, deur vensters, deure, en alles, het hulle gegaan, uit in die straat, opgetree soos 'n klomp dronkies. Dis die ware Heilige Gees.

130 Maar, julle sien, daardie slapende maagd ontvang in elk geval niks nie. Uh-huh. Dis reg. En onthou, terwyl hulle gegaan het om Olie te probeer koop, onthou, die Skrifte het nie gesê hulle het Dit gekry nie.

Maar terwyl hulle uit was om Dit te probeer koop, het daar 'n klank weerklink. Wat het gebeur? Al daardie maagde wat geslaap het, het opgestaan en hulle lampe gereed gemaak: “en ingegaan na die Avondmaal.” Is dit reg? [Gemeente sê: “Amen.” — Red.]

En die res het oorgebly vir die Verdrukkingsperiode, reg: “Huil, weeklaag, en gekners van tande.” Dis die kerk, nie die Bruid nie; die kerk.

Die Bruid het ingegaan. Daar is 'n groot verskil tussen die kerk en die Bruid. Ja, meneer! Uh-huh. “Het ingegaan na die Bruilofsmaal.” O, let op, mense! [Broer Branham klap sy hande een keer — Red.]

131 Die Seëls was gebreek (waarom?) in die laaste kerkeeu, om hierdie Waarhede te openbaar. Hoekom? Die Lam het die Seëls gebreek en hulle aan Sy Kerk geopenbaar, ten einde Sy onderdane vir Sy Koninkryk te versamel. Sy Bruid, sien! O, goeiste! Hy wil nou Sy onderdane na Hom toe bring.

Wat is dit? Uit die stof van die aarde, uit die bodem van die see, uit die putte, uit oral en elke plek, uit—uit die streke van die donker, uit die paradys, waar hulle ookal mag wees. Hy sal roep, en hulle sal antwoord. Amen! Amen! [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Hy sal roep, en hulle sal antwoord.

Hy het gekom om Sy onderdane te haal. Hy het Sy geheime geopenbaar, en hulle het Dit gesien. "En tyd is nie meer nie," op daardie tyd. "Die tyd het uitgeloop." Dis klaar. Goed.

132 Hy verlaat die Troon, om 'n Bemiddelaar te wees, as 'n geslagte Lam; om 'n Leeu te wees, Koning; om die wêreld tot Oordeel te bring, wie Sy Boodskap verwerp het. Hy's nie 'n Bemiddelaar nie.

Onthou nou die Ou Testament lering, soos ons opskud. Toe die bloed van die sitplek van genade weggegaan het, wat was dit? Oordeels Bank.

En toe die Lam, geslag, vooruit geloop het uit die Ewigheid, uit die Vader se Troon, en Sy regte geneem het, was dit 'n Oordeels Bank. Toe het Hy geword, nie 'n Lam nie, maar 'n Leeu, Koning, en Hy roep vir Sy Koningin om aan Sy sy te kom staan.

133 "Weet julle nie dat die heiliges die aarde sal oordeel nie?" Daniël het gesê: "Die Oordeel is vasgestel, en die boeke is geopen; en tienduisende maal tienduisende het diens verrig aan Hom ,"Koning en Koningin. "En toe is nog 'n Boek oopgemaak, wat die Boek van die Lewe was," dis vir die kerk. En die Koningin en die Koning het daar gestaan.

134 Soos 'n cowboy se meditasie gesê het:
Gisteraand toe ek op die prêrie gelê het,
Ek het opgekyk na die sterre in die lug,
En ek het gewonder of 'n cowboy ooit
Sou weggevoer kan word na dit eendag .
Daar is 'n pad na daardie helder, gelukkige Streek,
Maar dis donker daar, 'n paaitjie, so sê hulle,
Maar die breë een wat lei tot verderf
Is bekend en verlig die hele pad.
Hulle praat van 'n ander groot Eienaar,

Hy praat in terme van sy beeste lewe. As jy ooit in 'n klopjag plek was, kan jy dit duidelik sien.
Hulle praat van 'n ander groot Eienaar,
En Hy het nooit te veel voorraad nie, so sê hulle,
Hy sal altyd plek maak vir 'n sondaar
Dit sal beweeg op daardie reguit, smal weg.
Hulle sê Hy sal jou nooit verlaat nie,
En Hy ken elke aksie en kyk;
Maar, vir veiligheid, beter ons gebrandmerk word,
Ons naam moet op Sy groot Boek wees.
Want hulle sê daar sal 'n groot klopjag wees,
Wanneer cowboys sal staan,
Om gemerk te word deur die ruiters van die oordeel, (daardie profete en sieners)
Wat gekenmerk is en elke soort ken.

135 As jy ooit in 'n klopjag was, die baas daar sien staan, en die ruiters, en die maal in daardie trop beeste. Hy sal sy eie brandmerk sien verbygaan, en hy sal vir die baas beduie. En die baas sal dit sien, en hom die knik gee. Sy ponie hardloop reg in, rond, rondom hierdie stampery, klomp horings soos die, en trek sy eie koeie uit. Sien?
Hulle sê daar sal 'n groot saamgedrom wees,
En cowboys sal staan,
Wat geken sal word deur die ruiters van oordeel,
Wat weet en elke merk ken. (Sien?)

So het hy gesê:
Ek reken ek sal 'n verdwaalde een-jarige wees,
Net 'n man wat veroordeel is om te sterf, ongemerk, (hy, hulle maak sop van hom, sien),
Wat gesit sal word met die klomp eenvoudiges,
Wanneer die Baas van daardie ruiters verbykom .

Sien Wie Dit is? Die Baas van die ruiters. Dis die Lam, aan die sewe boodskappers wat gestel word en elke brandmerk ken. Sien? Hum!

136 Let op, hier kom Hy. Verlaat die Troon, as 'n Bemiddelaar, soos 'n geslagte Lam; om 'n Leeu te word, Koning, om die hele wêreld in die Oordeel te bring, wat verwerp is. Ons Bloedverwante Verlosser is dan

Koning oor alles. Hoekom? Hy het die titelakte van verlossing. Dit lê alles in Sy hand. Ek is bly ek ken Hom. Sien?

Dan eis Hy Sy erfenis op; dis die Kerk, die Bruid. Hy kleim Dit.

Wat doen Hy dan? Hy raak ontslae van Sy mededinger, Satan. Hy gooi hom in 'n Meer van Vuur, saam met almal wat deur Satan geïnspireer was, om Sy Woord van verlossing te verwerp.

137 Hy is nou Koning. Genade is steeds op die Troon. Moet jy nie Sy aanbod verwerp nie. Sien? Die ruiters weet net wie jy is.

En, nou, Sy deelnemer, wat Hom moeilikheid gegee het vir tweeduisend jaar, wat beweer: "Ek kan met hulle maak wat ek wil. Ek het hulle steeds. Hulle is myne. Ek … Hulle verbeur die titel daar."

Maar Hy's die Bloedverwante Verlosser. Hy het gesê Hy is nou terug hier en doen nou voorspraak. Maar eendag …

Hy sê: "Ek sal hulle in die graf sit."

Maar Hy het vir die Kerk gesê: "Ek sal julle uitbring." Sien? "Maar, eers, moet ek 'n Bemiddelaar wees."

138 Nou kom Hy na vore, stap uit die Ewigheid terug daar, af van die Troon van die Vader, waar Hy gesit het as 'n Bemiddelaar. Nou kom Hy om Koning te wees, o, om alle nasies met 'n ysterstaf te regeer. Oordeel word gestel. O, broer, ons Bloedverwante Verlosser hou dit alles. Dis reg. Ja, meneer.

Wat doen Hy? Hy roep daardie deelnemer se hand, Satan. "Hulle is nou myne. Ek het hulle uit die graf opgerig." En Hy vat al die leuenaars, en die verdraaiers van die Woord, en almal soos dit, saam met Satan, en vernietig hulle in die Meer van Vuur. Sy is oral oor, nou. Gooi hulle in 'n Meer van Vuur. O, goeiste!

139 Weet julle wat? Ek wil—ek wil iets hier sê voor ons afsluit. En dan sal ons—ons sal—ons sal gaan. Let op. Ons is nou daar by die 7de vers. Maar van die 8ste vers, tot die 14de, wil ek hê julle moet oplet wat plaasvind.

> Almal wat *in die hemel* was, *en* almal wat op *die aarde* was …

Luister net hierna. Laat ek dit nou net lees. Ek glo dit sal beter wees as ek dit net uit die Boek lees, met die 7de vers, sien. En kyk na die 6de vers.

> *En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë,* (ons het dit pas verduidelik) *wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.*

Sien, sewe kerk tydperke, die sewe boodskappers wat daardie Vuur aan die brand gehou het. Sien? Goed.

> *Hy het gekom* (die Lam) *en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit;*

140 Nou kyk. En toe Hy dit gedoen het, kyk wat gebeur het. Julle praat van 'n jubeljaar! Nou dit is presies die breek van daardie Seëls, wat plaasvind. Ons sal in "die halfuur van stilte" kom, net hierna. Kyk hierna, en ons sal begin. Ons sal dit klaarmaak, volgende Sondagaand, net hier. En luister nou mooi. Is julle gereed? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Luister mooi, wat plaasgevind het toe Hy dit gedoen het.

141 Toe die hele skepping gekreun het; niemand het geweet wat om te doen nie, en Johannes het geween. "Hier kom die Lam, oorgeloop!" En hierdie Boek was in die hande van—van die oorspronklike Eienaar, omdat die mens geval en Dit verloor het. En geen mens was in staat om Dit te neem, nie meer nie, om die aarde te verlos; geen priester, pous, niks nie, soos ek gesê het. "Maar die Lam het!" Geen Maria, geen heilige hierdie, of heilig daardie nie. "Die Lam het opgekom, bebloed, geslag, en die Boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die Troon sit." En toe hulle sien daar is 'n Verlosser; en al die—die siele onder die altaar, toe die Engele, toe die ouderlinge, toe alles gesien het, toe dit gebeur het. Dit, nogtans, lê in die toekoms. Vanaand is Hy 'n Bemiddelaar, maar Hy gaan dit doen. Kyk.

> *en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.*

142 Dis diegene wat onder die altaar is, wat gebid het, lank gelede. Sien, hulle het gebid vir verlossing,

gebid vir opstanding. En hier is hierdie—stort hierdie ouderlinge hulle gebede uit voor … Want, nou het ons 'n Verteenwoordiger, het ons 'n Bloedverwant in die Hemel, wat na vore gekom het om Sy aansprake te maak.

*Toe sing hulle het 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,*

*en U het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.*

143 Hulle wou terugkom. En hier gaan hulle terug, om konings en priesters te wees.

Glorie aan God! Ek voel goed genoeg om in tale te praat. Kyk. Sien. Ja. Dit lyk asof ek nie genoeg taal het; wat Ek Hom mee kan prys nie. Ek het een nodig wat ek nie eens ken nie.

Let op: "En ek het gesien …" Luister hierna.

*Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele* ...

144 Luister na wat 'n jubel aangaan! Toe hulle daardie Lam sien daardie Boek van Verlossing neem, het die siele uitgeroep. Ons sal dit kry. Almal, alles, die ouderlinge het neergeval. Hulle het die gebede van die heiliges uitgestort. Wat? 'n Bloedverwant het ons verteenwoordig. Hulle het op hulle gesigte geval. En hulle het 'n lied gesing, en gesê: "U is waardig, want U is doodgemaak!" Kyk wat … En kyk na hierdie Engele!

*Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende;* (Whew! Let op!)

*en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.*

145 Wat 'n gejubel wat aan die gang is in die Hemel, wanneer daardie Lam lei, daardie bemiddel kas verlaat, om hierheen te kom om Sy kleim te eis!

Julle weet, dit het Johannes geraak. Hy moes gesien het sy naam is daar geskryf. Toe daardie Seëls gebreek het, moes hy baie bly geword het. Luister wat hy gesê het.

*En elke skepsel wat in die hemele en op die aarde en onder op die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!* … (Amen! Amen, en amen! O!)

*En die vier lewende wesens het gesê: Amen. En die vier-en-twintig ouderlinge het neergeval en Hom aanbid wat lewe tot in alle ewigheid.*

146 Praat van 'n gejubbel, praat van 'n tyd, toe daardie Lam uitgestap het! Sien, die Boek is selfs verseël in die Hemel, die geheime is.

Sê: "Is my naam daar?" Ek weet nie. Ek hoop dit is. Maar, as dit is, is dit op die Boek geplaas voor die grondlegging van die wêreld.

Maar die eerste ding, wat daardie verlossing verteenwoordig het, die Lam wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af. En Hy het die Boek geneem, (heerlikheid!) die Boek oopgemaak, en die Seëls afgeskeur; en het Dit afgestuur na die aarde, na Sy sewende engel, om Dit aan Sy mense te openbaar! [Gemeente juig baie — Red.] Daar het julle dit. O, goeiste! Wat het gebeur? Die geskree, die uitroepe, die halleluja's, die gesalfdes, die krag, die heerlikheid, die manifestasie! [Gemeente is verheug.]

En ou Johannes, wat daar gestaan het, ons broer, huil! "Wel," het hy gesê: "alles in die Hemel, alles op die aarde, en alles in die see, het my hoor skree: 'Amen! Amen! Seën, eer, en mag, en krag, aan Hom wat lewe tot in alle ewigheid."

147 Praat van 'n gelukkige tyd, toe daardie Seëls gebreek was! Johannes moes ingekyk het verby die gordyn van die tyd en gesien het, en sê: "Daar is Johannes." O, o!

Hy was so gelukkig, dat hy gesê het: "Alles in die Hemel." Hy moes regtig uitgeroep het, het hy nie? "Alles in die Hemel, alles in die aarde, alles onder die aarde, elke skepsel, alles anders, het my hoor sê: 'Amen! Seën, en heerlikheid, en wysheid, en krag, en mag, en rykdom, behoort aan Hom." Amen!

148 Hoekom? Toe die openbaring gekom het, dat die Lam, die Verlosser, ons Bloedverwant, teruggekom

het van die Troon as bemiddelaar en hier uitgestap het om Sy besitting te vat. O!

Binnekort sal die Lam Sy Bruid neem om altyd aan Sy sy te wees,
Die hele leër van die Hemel sal vergader word;
O, dit sal 'n wonderlike gesig wees, al die heiliges in vlekkelose wit;
En saam met Jesus sal ons Ewiglik regeer.
O: "Kom en eet," roep die Meester, (op die Woord): "Kom en eet."

O, ek—ek—ek raak sonder woorde, sien.

"Kom en eet, kom en eet,"
Jy kan enige tyd aan Jesus se tafel eet, (Nou! Maar wanneer Hy weggaan, is daar geen hoop nie.)
Hy wat die skare gevoed het, die water in wyn verander het.

149 Hy wat gesê het, dat: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." O, goeiste! Hy wat hierdie dinge belowe het in die laaste dae. Hy wat hierdie dinge gesê het. Hy wat nou in die tyd is van die openbaring van hierdie dinge wat bekend gemaak word. "Kom en eet." O, moet Dit nie mis nie, my broer.

Nou laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

Môreaand, deur die genade van God, probeer ons daardie Eerste Seël breek, as God Dit vir ons sal breek en ons laat sien wat hierdie openbaring was, "weggesteek van die grondlegging van die wêreld af."

150 Voor ons dit doen, sondaarvriend, of louwarm kerklidmaat, het jy net 'n lidmaatskap in 'n kerk, of het jy nie 'n lidmaatskap nie? En as jy net 'n lidmaatskap het, sal jy net so goed daaraan toe wees sonder dit. Jy het 'n Geboorte nodig. Jy moet na die Bloed kom. Jy moet kom na iets wat die sonde net wegvat, totdat daar geen herinnering meer is nie.

As jy nog nie voorbereiding gemaak het, om die Lam in die lug te ontmoet nie! En deur die krag wat op my gelê is deur my opdrag, gegee deur Almagtige God, en wat aan my bedien is deur 'n Engel, 'n Kolom van Vuur, beveel ek julle, in die Naam van Jesus Christus! Moenie probeer om Hom te ontmoet met slegs 'n lidmaatskap van 'n kerk van hierdie aarde nie.

Kom, terwyl die Bemiddelaar, sover ek weet, steeds op die Troon is, doen bemiddeling. Want, daar sal 'n dag kom wanneer jy wil kom, en daar sal geen Bemiddelaar wees nie. Want as ons die uur sien waarin ons lewe, in die sewende kerkeeu, en die geheime van God word en het, met die bevestigde Gees van God wat alles wys wat Hy belowe het in die laaste dae, hoeveel tyd is nog oor? Sondaarvriend, kom.

151 Here Jesus, die uur word laat. Dit mag selfs later wees as wat ons dink. En ons is bly om hierdie uur te sien naderkom. Dit is die glorierykste uur wat die wêreld ooit geken het, vir die gelowige. Maar, vir die verwerper, die hartseerste tyd wat ooit kan wees. Daar kan nie woorde in die alfabet gevind word nie, letters om woorde te maak, wat die moeilikheid en droefheid wat voorlê kan uitdruk nie. En nog is daar woorde wat gevorm kan word, uit ons alfabet, om die seëninge uit te druk wat voorlê vir die gelowige nie.

Vader, daar mag sommige wees, vanaand, hier sonder hoop. En hulle is intelligente menslike wesens. En nou as die Bloed steeds op die Genadetroon lê, laat die Lam uitstap van die Troon, na hulle hart, vanaand, en aan hulle openbaar dat hulle verlore is. En met Bloedige hande, sê: "Kom, terwyl daar tyd is om te kom."

Ek gee die Boodskap, Here, met my gebed, in U hande. Doen wat U ookal wil, Vader, in Jesus se Naam.

Met ons hoofde gebuig.

152 As jy nie aan hierdie versoek en hierdie vereiste voldoen nie! As jy net op jou kerk vertrou! Daar was niks wat kon verlos nie. As jy vertrou op die bemiddeling van een of ander heilige, is jy steeds verlore. As jy vertrou op die werke van jou hande, iets wat jy gedoen het, goeie werke, is jy verlore. As jy vertrou op die—op die gebed van jou moeder, of die geregtigheid van jou moeder, jou vader; as jy daarop vertrou, is jy verlore. As jy vertrou op een of ander sensasie, een of ander vreemde gevoel, een of ander emosie, in praat in tale, of dans! As dit al is waarop jy vertrou, en nie die Lam persoonlik ken nie, Hom nie ken nie, dan, beveel ek jou voor God, maak daardie ding reg, nou, met God.

153 Bid, diep in jou hart. En wees net eenvoudig, want God is verberg in eenvoud. Onthou julle, die Bybel het gesê: "Soveel as wat geglo het was bygevoeg."

En terwyl ons vir jou bid, vertrou ek dat jy daardie een Ewige besluit sal neem: "Here, ek sal sê: 'Ja!'" En 'n besluit is 'n "steen." Maar watter nut het 'n steen sonder 'n klipmesselaar wat dit kan kap, om die gebou te vorm, om die gebou te pas? Laat, die Heilige Gees jou dan sny van wat jy is, na wat jy

behoort te wees. As jy net 'n stywe kerklidmaat is; as jy 'n sondaar is; wat jy ookal is; as jy sonder Christus is, sonder die Heilige Gees, skenk God jou vrede, vanaand.

154 Nou, Here, soveel as wat ek weet hoe om te maak, en so—so Skriftuurlik soos ek weet hoe om te maak, kom ek nou met hierdie wat ek aan U toevertrou, met die Woord. Ek vertrou, Here, dat die Woord Sy plek in die hart van mense gevind het, vanaand.

As daar sulkes hier is wat nie weet nie, of nie daardie versekering van die Heilige Gees se soete Teenwoordigheid in hulle lewe het nie; wat, humeure, of onverskilligheid, of selfsug, of iets hierdie groot Ding van hulle gesny het, en hulle Daarvan weerhou het; of een of ander leerstelling, of—of—of een of ander sensasie, hulle weerhou van die soetheid van die samesyn van God; dat dit nou losgelaat sal word!

En dat die Lam, daardie Bloedige, heilige Bloedverwant wat vanaf die Troon gestap het, af deur die mistieke Ligte van die gange van God se Troon, gestap het om Sy kleim op te eis! God, skenk, vanaand, dat hulle Hom sal ontvang. Mag elke besluit plegtig gemaak word, en mag hulle hulleself oorgee aan Hom alleen Wie hulle kan sny en vorm in seuns en dogters van God.

155 Nou, in plegtige gebed, doen ek dit op die manier wat ek gelei voel om dit te doen. Plegtig, voor God, soos Hy Homself aan jou bewys het. En jy was nie 'n Christen, of jy was nie wat ons noem 'n … Nie 'n—nie 'n—'n—'n denominasionele persoon nie, maar ek bedoel 'n wedergebore Christen. Maar jy glo plegtig dat die Boodskap waar is, en jy glo plegtig dat jy net gered kan word deur die genade van God. En jy glo wel dat Hy nou met jou hart praat. En jy wil Hom aanvaar, en is gereed vir Sy Woord om—om jou te sny van wat jy is, en jou te maak wat jy behoort te wees. Sal jy dieselfde getuig, deur op jou voete te staan? As daardie persoon hier is, en dit genoeg- … genoegsaam wil maak, staan op jou voete.

156 Hemelse Vader, ek weet nie wat meer om te doen as om U Woord aan te haal nie. Hier is mense wat op hulle voete staan, wat voel dat hulle nie was waar hulle moes wees nie, gereed vir hierdie Wegraping, want dit mag plaasvind voor die Eerste Seël vir ons oopgemaak word.

En, Vader, ek bid vir hulle. Ek—ek, as U dienskneg, rig hierdie gebed aan die groot Bemiddelaar, Christus. Soos hulle bid, bid ek saam met hulle, voor die ivoor Troon van God, waar die Bloed Offer vanaand daar sit. En enige tyd van die Troon afstap, om na vore te kom om Sy besitting op te eis, dan is daar geen genade meer oor nie; dis oordeel.

Skenk, Here, dat hierdie mense op hulle voete, wat staan; in hulle harte, wat hulle belydenis maak, en gewillig is om gevorm te word deur die Gees van God, en hulle te sny, en hulle in lewende stene te vorm, in die Huis van die Here God. Skenk dit, Vader. Ek dra hulle nou aan U op.

En U het gesê: "Hy wat My sal bely voor mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele." En nou sit U hier, in die teenwoordigheid van almal, vanaand. En hulle staan, bely U. En, Here, as dit uit die diepte van hulle hart is, net so seker as wat God se Woord reg is, maak U nou bemiddeling vir hulle, en aanvaar hulle in die—die genade en barmhartige sfere van die reinigende Bloed van die geofferde lam . En hulle sal U sin wees, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

157 Nou, julle wat hierdie mense op hulle voete sien staan, hierdie jongman reg *daar*, en hulle wat staan, julle wat voel dat alle sonde en veroordeling weg is. Ek wil hê julle moet net opstaan, sommige van julle naby hulle. Skud hulle hand, en sê: "Broer, ek sal vir jou bid. Suster, ek bid vir jou." Skud net hulle hand, en sê: "God seën jou." En nou behoort die res in die hand van die Almagtige. Sê: "Ek sal bid, en ek sal alles doen wat ek kan om jou in die Koninkryk van God in te help."

O, roep vandag!
O, Jesus roep!
Hy roep teer vandag!

158 Het jy Hom lief? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Is Hy nie wonderlik nie? ["Amen."] O, wat sou ons doen sonder Dit? "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie; maar deur elke Woord wat uit die mond van God uitgaan, sal die mens lewe." O, voed my, Here, op die Woord.

"Moenie los om bymekaar te kom nie, soos die manier van ongelowiges, en soveel te meer soos julle die Dag sien naderkom."

As God wil, môre-aand, deur die genade van God, sal ek probeer, met alles wat in my is, om Hom te vra om in- … in te tree, dat die verborgenheid van hierdie Seëls, soos hulle voortkom, die Woord van God sal verkondig aan die mense.

Totdat ek julle ontmoet, God sy met julle!

159 En nou gee ek die diens aan ons edele broer, Broer Neville, die pastoor. Hoeveel het Broer Neville lief? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou, ons almal het. Kom vorentoe, Broer Neville. Broer Neville, God seën

jou, broer.

www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7